



TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



Ernst de Jongh Alrijers



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

Skakelredaksie:

J.J. Brits — W.A. de Klerk — Andre Demedts

B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij

Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P.J. Nienaber

Z.J. Pretorius — P.D. v.d. Walt — M.M. Walters

Eveleen Castlelyn

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R5 per jaar. Los nommers: R1,25 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te tken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak
deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie,

INHOUD

Réna Pretorius	: Totius: 21 Februarie 1877 — 21 Februarie 1977 .	1
Alta v.d. Berg	: Lente	6
Hymne Weiss	: Bedevaart na die onverganklike.....	7
Selma Lagerlöf	: Uit <i>Gösta Berling</i> : Die Predikant	7
Vincent van der Westhuizen, Oswaldina Claassens,		
Francis Galloway	: Gedigte	17
Etienne Botha	: 'n Bowler soos 'n verkleurmanneljke	22
F.A.G. Roux	: Doof maar nie blind	24
Lucas Malan	: Onderstroom	25
Estelle Schutte,		
H.M.K., Frans Kock	: Gedigte	32
P.J. Conradie	: Die held in die dramas van N.P. van Wyk Louw .	33
 Literêr-aktueel:		
Gedagtewisseling oor <i>Kroniek van Perdepoort</i>		45
P.E. Westra: Openbare uitleenreg.....		52
A.G. Visser gehuldig.....		61
A.G. Visser: Bibliografie		61
Boekbesprekings.....		75
Nuwe Afrikaanse boeke		80

TOTIUS : 21 FEBRUARIE 1877 — 21 FEBRUARIE 1977*

“Alles wat vir Totius kosbaar was, het verdwyn.” Só skryf ’n “jong Afrikaner” in ’n onlangs verskene artikel. As dít waar is, kan ’n mens tereg vra: Kan Totius in 1977 dan nog práát en ons hóór?

Die lewensomstandighede, lewenstyl, die sosiale, morele en etiese waardes van die Boere gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu verskil radikaal van dié van ons moderne, materialistiese grootstads-gemeenskap van die laaste kwart van die twintigste eeu.

Die eertydse Boerebeskawing van Totius se jongmensjare is gekenmerk deur ’n onverstoorbare rustigheid, ’n lewe ná aan die natuur en God, ’n hegte, vredige gesinslewe. Jacob Daniel, seun van die geniale ds. S.J. du Toit, het nooit die godsdienstige, etiese en morele waardes van sy ouers en sy voorgeslag verwerp nie; in uiterste beproewing het hierdie skerp denker en gelowige soeker wel soms getwyfel en selfs in verset gekom, maar die tradisionele geestelike waardes nóóit afkeurend veroordeel nie. As vaderlander is sy denke beheer deur die siening dat sy volk se geskiedenis en dade religieus bepaal is: hy het geglo dat God die Afrikaners na hierdie nuwe land gelei het om hier ’n nuwe Christelike beskawing te vestig. As mens was hy voortgesweep deur ’n bo-persoonlike ideaal: om die religieuse waarhede van die Bybel vir die Afrikaner in sy eie taal toeganklik te maak, en ten einde hierdie ideaal te verwesenlik, het hy hom in eensaamheid afgesonder op sy plaas Krugerskraal.

“Deze kleine groote man” kom inderdaad uit ’n verbygegane *wêreld* maar as begenadigde *siener* van die onsienlike het hy ewige waarhede gevind en het sy woord en sy stem ’n universele dimensie: klink dit bó die tyd, tydloos.

Daarom vier ons in 1977 TOTIUSJAAR.

As mens, as vaderlander, as digter — om maar drie fasette van sy veel-sydigheid aan te sny — práát Totius ... en behóórt ons te luister.

Totius word deur die hele Afrikanervolk liefdevol gedenk omdat ons selfs in 1977 se veranderde *wêreld* met sy vloeibare waardes steeds eerbied het vir ’n goeie en suiwer mens — en Jacob Daniel du Toit was waaragtig mens in die edelste sin van die woord. Sy leefwyse was gestroop tot dié van “heilige eenvoud”; die groot hartstog van sy lewe was om sy God, sy volk, sy ewemens selfloos en in diepste nederigheid te dien; begrippe soos “goed” en “kwaad”, “plig” en “eer” en “geregtigheid” het vir hom vaste betekenis gehad. In tye toe “alles donkerheid” was — en as Afrikaner én as individu was dit dikwels donker om Totius — het hy hom diepgelowig téén die donkerte gerig, verseker van sy eindbestemming. Sy kompas, sy koersbepaler, die energiebron van sy lewe was God en die Woord van God.

’n Jongmens soek altyd iemand, ’n soort heldfiguur, na wie se voor-beeld hy sy eie lewe kan vorm. Die jong denkende Afrikaner vir wie die dinge van die gees en die inteltek en die wil hoër waarde het as die praktiese en stoflike dinge, sal in Totius een van die hoogste verteenwoordigers van die mens vind.

* Lesing gelewer op 21 Februarie 1977 voor die studente van die Pretoriase Onderwyskollege as deel van hulle Totius-huldigingsprogram.

As jong denker, as jong wetenskaplike, as jong kunstenaar, maar veral as jong opvoeder kan u gerus lúfster na die boodskap van die *mens* Totius.

In sy kragtige kwatryn "In Memoriam" huldig Opperman vir Totius as bewaker van die orde, stryder teen die chaos, volksgewete van die Afrikaner:

*Telkens as hierdie volk van God afdwaal,
sal hy in Afrika se klip en kaal
herinner word hoe groot Hy is
deur die tinktinkietaal van Totius.*

Totiusjaar val in 'n tyd wat die Afrikaner deur 'n ieder en 'n elk voor die wit muur gesleep om platgeskiet te word. Dit is die "in"-ding om die Afrikaner te verkleineer, hom te ontleed en dan sy swakhede en sondes — maar nie sy deugde nie — uit te basuin; om met doemwoorde te profeteer dat dit met ons voortbestaan as afsonderlike volk met 'n eie taal klaarpraat is. Hierdie vorm van kritiek, gebore uit veragting en venyn, het één doel: om die Afrikaner, as mens en as volk, te vernietig. In 1938 het Van Wyk Louw onomwonde verklaar: "'n Volk sonder kritiek is verlore"... én, gaan hy voort:

"Daar moet kritici tussen ons gelos word wat vervul is van haat teen ons halfheid, gemaksug en kleinburgerlikheid; hulle moet mense wees wat diep gedink en baie gevoel het, maar mense wat nederig is voor die grootsheid van hul taak en wat in al hul stryd teen die Afrikaner se euwels self in die eerste plek Afrikaners is; en hulle moet ons met 'geweervuur en sambokslae' laat opsteier totdat ons doen waarvoor ons hier in Afrika is : die opbou van 'n nuwe beskawing in 'n nuwe land' ("Volkskritiek", *Lojale Verset*, p.170).

Hierdie soort kritiek is waardevol. Die verskil tussen die twee vorme van kritiek lê hierin : laasgenoemde is gebore uit liefde vir en geloof in die volk, uit 'n drang om hom te verbeter. Die gevaar van die stroom van die eerste soort kritiek en aanvalle is dat dit die gemoedere van ons jongmense besmet en verwar: dit kan so maklik hulle "wortels afspit", want, kan geredeneer word: as die eie volk dan so sleg is, waarom nie betyds kragte ingooi by 'n beter nasie nie?

'n Mooi verhaaltjie is dié een oor die Romeinse veldheer en sy leër wat tydens 'n veldslag vernietigend verslaan is. By sy terugkoms in sy stad word hy — onverwags — deur die senaat vereer. Die rede : omdat "hy nooit aan die staat gewanloop het nie".

Totius het in krisistye, in woestyndae van groot vernederinge van sy volk, selfs die kere toe die volk deur vernietiging van buite én binne bedreig is, "nooit aan sy volk gewanloop nie". "Die Besembos" is die slotgedig van sy eerste digbundel waarin hy die smart en verguising van sy volk wat tydens die Anglo-Boereoorlog byna uitgeroei was, verwoord het. Hierdie eenvoudige, toollose, vaderlandse verskynsel wat met taaie volharding hom verset teen die kragte wat hom wil vernietig, is beeld van die Afrikanervolk se onuitroeibaarheid:

Ek leef en sal leef; my doodkry is min.

Hierdie *wil* om te bly voortbestaan vorm ook die kern van die kinderlik-eenvoudige verhaaltjie wat in die gedig "Vergewe en Vergeet" vertel word. Die verhaalgebeure van die jong doringstruikie wat deur die sware, logge

ossewa platgetrap word, is die allegoriese voorstelling van die Boer-Brit konfrontasie gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. Die groot waarheid wat uit die verhaal na vore kom, is dít: dat 'n volk wat neergevel is maar wat *wil* voortbestaan, uit eie krag, van binne af, *kan* herstel — hoe vernietigend die aanvalle ookal van buite af teen hom is.

Maar as verdere voorwaarde vir hierdie voortleef in die tyd moet 'n volk se wortelpen diep lê. “Die doringbome by die fontein” — “eie kinders van ons vaderland” — staan in 'n onherbergsame, verwilderde streek waar ander plante en struik reeds deur die son en wind van hierdie Suiderland verskroei is. Die doringbome dra die tekens van swaarkry: die swart gestaltes is krom en skeef, vol knoeste en bogte, maar hulle lééf en sal bly vóórtleef omdat hulle wortels na verborge, onderaardse, ewige waters afboor.

En hiermee is ons reeds by die derde faset van Totius se ryke veelsydigheid: sy digterskap.

T.T. Cloete wys daarop dat Totius se poëtiese oeuvre beskou kan word as 'n halfeeu literatuurgeskiedenis : die ontwikkelingsgang wat hom in die Afrikaanse taal en poësie voltrek het, word weerspieël in Totius se verse vanaf die Patriottydperk — toe hy onder die skuilnaam Jaduto geskryf het — tot met sy laaste bundel *Skemering* in 1948. Hiervoor alleen verdien Totius 'n belangrike plek in die Afrikaanse letterkunde. Totius se naam word egter ook aan heelwat ander belangrike literêr-historiese feite gekoppel:

(i) *By die Monument*, sy debuutwerk wat in 1908 verskyn het, was die eerste digbundel in Afrikaans.

(ii) In 1916 word Totius die eerste Hertzogpryswenner toe sy epiese werk *Trekkerswee* (1915) bekroon is — 'n bundel wat 'n sterk invloed op jonger digters uitgeoefen het : dit bevat ons vroegste grootstadsverse en is geskryf in eenvoudige, gewone omgangstaal.

(iii) *Passieblomme* (1934), nóg 'n Hertzogpryswenner, is ons eerste bundel belydenispoësie en was op daardie tydstip die suiwerste bundel poësie in Afrikaans. Vandag nog behoort sommige gedigte in die bundel tot die ontroerendste elegiese verse wat ons het.

(iv) *Uit donker Afrika* (1936) is die verbeterde en vermeerderde herdruk van sy vroeëre werk: *Verse van Potgieter's Trek* (1909). In hierdie bundel besin Totius oor die vroeë geskiedenis van Afrika en die plek van die wit Afrikaan op hierdie donker kontinent. Hy stel onthutsende vrae soos:

Wie sal hierdie land bewoon?

en laat die swartman sý perspektief gee op ons heroïese volksverlede en op tye wat kom:

Die Kaffer het gekom, die witman hy kom later.

Die Kaffer het gevat, die witman hy vat later.

Die Kaffer het gewoon, die witman hy woon later...

.....

Die witman hy nou raas, die Kaffer hy raas later.

Laat witman nou maar lag, die Kaffer hy lag later.

(“Kafferlied”)

Reeds in 1909 en weer in 1936 kom Totius met temas wat vandag nog net so dwingend aktueel is; dink hy na oor vraagstukke wat vandag as

uiters “modern” beskou word, onder andere die lotsbestemming van die “witkind van Afrika”.

Totius se belangrikheid lê veral daarin dat sy gedigte (tematies en taalgemies) talle groeipunte van ons latere poësie bevat.

Hoewel Totius se poëtiese werk as geheel nie meer so ’n wye belangstelling geniet nie, bly ’n groot deel van sy poësie tog lewenskragtig en sal hulle bly voortleef in die tyd omdat hulle suiwer vergestaltung is van universele waarhede wat die kern van ons menslike bestaan raak.

Vir Totius was die digter ’n “siener”: sy digterlike taak was nie om eie, oorspronklike idees te verwoord nie, maar die gedagtes Gods. Hierdie gedagtes: ewigheidsgedagtes, skuil in alle skeppingsdinge. Die begenadigde met sy “arendsogen, zoeklichten, X-stralen, die boren in de geheimzinnigheid van de binnenkameren”, moet die verhewe gedagtes wat hy “sien”, vaslê in die woord; hy moet as’t ware ander laat “sien” wat hy “sien”.

Sy digterstalent het gestaan in diens van sy Christenskap.

Ek verwys kortliks na drie van sy bekendste en beste gedigte, gedigte waarin wesenstrekke van sy kuns geopenbaar word en waarin die digter bepaalde universele waarhede verwoord.

Totius was ’n weemoedige peinser. In die realiteit wat hom omring, sien hy orals tekens van verganklikheid, bevestiginge vir sy oortuiging : Die wêreld is ons woning nie. Die gedig wat hierdie titel dra, is al vertolk as ’n vers waarin dit sou gaan oor Totius se desillusie oor die verganklikheid van ons aardse bestaan. Die gedig kom egter voor in die derde afdeling van *Passieblomme* : “Berusting” — ’n afdeling waarin die verse getuig van die kalme aanvaarding van die tydelikheid van ons bestaan.

Die gebruik van die woord “woning” in die titel, wat as ’n refrein ses keer in die gedig herhaal word, het in ’n poëtiese oeuwe soos dié van Totius wat deurstraal is van ewigheidsgedagtes, besliste Bybelse bowetone. In Johannes 14:1—2 lees ons dié gerusstellende woorde: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings...” Die woord “woning” verkry dus ’n belangrike Bybelse konnotasie. As ’n ironiese rymer vir die woord tree op die allitererende “wêreld”, ’n woord wat sterk geaksentueer word; die implikasie is duidelik: die eintlike woning, die ewige woning is elders. Die ongewone gebruik van ’n enkele “nie” (“Die wêreld is ons woning nie”) gee aan die inkleding van die bepaalde geloofswaarheid verrassende impak. Die titel kom herhaaldelik as eerste en slotvers van die drie strofes voor en tussen die twee verskyninge in elke strofe word telkens ’n nuwe reeks bewyse aangevoer waarom dié wêreld nie ons woning is nie.... dat ons ware woning dus elders lê. Die bewyse kom uit die skemertyd, aanduur, nagstond, en word al dramatieser, al oortuigender. Die slotstrofe klink s6:

*Die wêreld is ons woning nie.
Dit voel ek as die wind ontwaak,
as die eikebome knars en kraak,
dit hoor ek in die fladdering
van voëltjies wat hul vlerke slaan
teen die verwarde boomtakke aan,
En as ek nader kom dan vind
ek by die maan se wisselstraal*

*'n nes vol kleintjies deur die wind
omlaaggeslinger, dood, verplet.
Ek voel dit dan aan alle ding
wat in die nagstond my omring,
die wêreld is ons woning nie*

Met die swaar aksent op die verganklikheid van ons aardse bestaan roep Totius egter juis die teendeel op: die onverganklikheid van ons ewige bestaan. Totius maak op boeiende wyse gebruik van die indirekte poëtiese tegniek — 'n tegniek wat veral in die moderne poësie dikwels gebruik word om aan 'n bekende waarheid opnuut trefkrag te verleen.

Omdat alles so verganklik is, moet die mens hom nie permanent vasheg aan die dinge van die aarde nie. Dit is die kernidee van die kinderlike gedig "Repos Ailleurs"... "die rus is elders". In eenvoudige, helder taal verwoord Totius 'n diepsinnige en tragiese lewenswaarheid: dat die mens altyd treur om iets onbereikbaar; dat sy verlangens onvervuld bly. "Ag, was ek maar net.....ek sou tog o so gelukkig syn." Hierdie tydlose tema — dat ons tydelike aardse bestaan onvolkome is — word op dramatiese wyse uitgewerk: die digter skep 'n kontras tussen twee wêreldes: die van die meisietjie en van die reisiger. Eersgenoemde bevind haar in die eensame veld met die tentjie en sy kerslig; laasgenoemde is in die snelbewegende trein. Die meisietjie se tentwoning is verganklik (vgl. II Korinthiërs 5:1); die man is op reis na sy eindbestemming...die wêreld is ons woning nie! Die dogtertjie hunker na die gemeganiseerde wêreld van die trein en die spreker se deftige gesofistikeerde lewe; die reisiger verlang weer na die rustige natuurwêreld en die meisietjie se ongekunstelde bestaan. "Repos ailleurs"...in tinktinkietaal gesê.

"Die Godsbesluit" is seker Totius se grootste gedig.

*Voor die onheilswoning en
tussen die skaars-beblaarde
soetdorings staan, in droë aarde
maar lowergroen en blink van blad,
die wag-'n-bietjie langs die pad...*

Hierdie wag-'n-bietjie, simbool van God se onbegryplike Raadsbesluit, is die rykste beeld wat Totius ooit geskep het.

Totius, die innig-gelowige, het na alle worstelinge altyd weer berus in die onbegryplike maar liefdevolle bestel van God in die mens se lewe. Hierdie *Passieblom(me)*-gedig wat in die afdeling "Onrus" voorkom en elemente van verset vertoon, dra egter reeds die kiem van die latere berusting in hom: die wag-'n-bietjie is immers 'n *haak-en-steek*doring : God hou die mens eers veilig, dán louter hy hom.

So lank as wat die Afrikaner waarde heg aan sy godsdiens, sal die naam van Totius onthou word. Totius het altyd sy digterstalent in diens van God gestel en die skoonste resultaat hiervan is sy herdigting van die "hart van die Bybel": die psalms van die Hebreëuse sanger, Dawid.

Die eerste psalm wat hy herdig het, is psalm 100; die laaste een was psalm 119. "Uit diepten van ellenden..." Sô begin die groot troospsalm 130 se Nederlandse beryming wat ons voorouers in tye van die grootste nood en

vervolging baie keer laat opklink het. Hoe sentimenteel 'n mens ook oor dié besondere beryming voel, Totius se psalm 130 is die skoner poësie.

Die verheerliking van God se grootheid en majesteit, die nietige mens se verwondering oor die wonder van God se skeppingsmag — dit is die grondtoon van psalm 8, een van Totius se geliefde psalms en een van sy héélmooste woordskeppinge:

*Daar is geen land so ver of woës geleë,
geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
geen hemelsfeer in die oneindigheid —
of oral blink u Naam en majesteit.*

Totius se Psalmberyming word beskou as die kroon van sy lewenswerk en kenners is van mening dat dit 'n hoogtepunt in dié genre in die Dietse letterkunde verteenwoordig.

“Deze kleine groote man” het onvermoëid gewerk: hy was predikant, professor aan die Teologiese skool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom, volksredenaar, taalstryder, tydskrifredakteur, digter, Bybelvertaler, Psalmberymmer. Wat hy kon, het hy gedoen. En in alles wat hy gedoen het, was hy trou alleen aan die hoogste wat ons ken — soos Van Wyk Louw se aristokratiese held van die gees het hy die “Edele en Kosbare veilige deur die skare (ge)dra”.

Universiteit van Pretoria

ALTA VAN DEN BERG

LENTE

Die lug is skerp geslyp
hier waar dit in ademlose afwagting
aan kaal takke bly gryp
selfs die wind gaan lê skeef
op die dak se skouer

en kyk hoe rooi blare
drywend in die aandlug tol
iets van lente steek in die tortel
se lied vas as hy hom uit die
bondel losmaak en vreugdevol
teen die smeulende son opvlie'..

HYMNE WEISS

BEDEVAART NA DIE ONVERGANKLIKE: SELMA LAGERLÖF, 20
NOVEMBER 1858 — 16 MAART 1940

Op 'n heuvel by een van die mooiste mere op die platteland staan 'n stil, waardige huis, eenvoudig, smaakvol en koninklik soos tydens die lewe van een van die besondere mense wat die wêreld opgelewer het.

Dit is Mårbacka in Värmland, Swede, die tuiste van Selma Lagerlöf, die eerste vrou wat die Nobelprys vir letterkunde verower het — *as waardering vir die edele idealisme, die rykdom van fantasie en sielvolle uitbeelding van haar werk* — soos die toekenning aan haar in 1909 gemotiveer is.

In ons tyd klink daar op talle plekke die voete van hulle wat, om outydse taal te gebruik, opgaan na vergaderings, toesprake en eise om gelyke regte vir die vrou — wat dit ook al mag behels.

Ander wil miskien eerder hulde en waardering bring aan hulle wat na swoege, swerwe en miskenning uiteindelik die ereplek gekry het wat hulle toekom en vir ons die onverganklike nagelaat het wat in die wisselinge van die tye bestendig en onaantasbaar sal bly.

So 'n bedevaart na die wêreld van die besondere mens en kunstenaar, Selma Lagerlöf, is 'n onvergeetlike, verruimende, sinvolle ervaring wat die lewe 'n nuwe inhoud en rykdom gee. Om dit persoonlik te kon ervaar, in haar taal, onder haar mense, op die landgoed waar haar hart was, by haar lessenaar waar sy geskryf het, by haar eenvoudige graf op die oewer van die meer, is 'n voorreg wat 'n mens graag wil deel met ons mense hier wat in die stilte so 'n bedevaart wil meemaak.

Selma Lagerlöf se naam is indirek verbonde aan dié van Bertha von Suttner en Alfred Nobel, wat die Nobelprys ingestel het. Bertha von Suttner was 'n adellike Oostenrykse vrou wat 'n kort tydjie Alfred Nobel se sekretaresse was voordat sy met Baron Suttner getroud is. Nobel se lewe en sy testament is beslis beïnvloed deur Bertha von Suttner. In sy testament vind ons dié enkele bepaling i.v.m. die letterkundeprys wat ingestel is om die positiewe te bevorder en te beloon: *Aan die persoon wat op letterkundige gebied die mees voortreflike werk van 'n idealistiese strewe gelewer het.* —

Dit is ook bekend dat Selma Lagerlöf een van Alfred Nobel se geliefde skrywers was. As leser het hy gesoek na die lewende kern, die gedagte, wat vir hom hoofsaak was. Dit is dus nie toevallig dat hy baie nadruklik gestipuleer het dat 'n idealistiese strewe 'n essensiële kwalifikasie was vir werk wat vir bekroning in aanmerking sou kom nie.

Selma Lagerlöf is egter jare lank onderdruk en misken voordat haar werk tot sy reg gekom het. Sy het eers met die versvorm eksperimenteer, toe met die drama, maar dit wou nie vlot nie. Eindelik probeer sy toe die verhaalvorm, maar in die streng, realistiese prosa van haar tyd. Maar sy kon nog nie met die werk vorder nie. Dit was heeltemal natuurlik dat sy die aanvaarde styl van haar tyd as norm wou neem; dit was ook in ooreenstemming met haar nederigheid dat sy geen gedagte daaraan gegee het om anders te wil skryf as die erkende letterkundiges van haar tyd nie. Buitendien was die dae van die Romantiek verby, en al het haar kinderdae en die verhale waarmee sy opgegroeï het, in die teken van die romantiese gestaan, het sy tog daarvoor probeer skryf in die erkende uitdrukkingswyse van haar tyd.

Toe op 'n dag probeer sy in 'n los, ritmiese prosa skryf, heeltmal in die romantiese styl, en dit was of sy toe sekerheid begin kry dat die ridders van Värmland op dié manier begin lewe. Maar sy het vir haarself gesê dat niemand dit ooit sou lees nie; dit het nie aan die eise van die dag voldoen nie.

Daar was egter twee gebeurtenisse kort daarna wat die deurslag gegee het. Die een was die verkoop van haar ouerlike huis, Mårbacka, in 1888. Dat vreemdes nou besit moes neem van alles wat in haar merg en been ingewees was, het haar só diep geraak dat sy besluit het om in alle nederigheid die boek op haar eie manier en volgens haar vermoë te skryf. Sy het die gedagte dat dit 'n meesterstuk sou word, soos sy gehoop het, laat vaar. Mense sou daarvoor lag, maar sy sou dit in elk geval skryf, net vir haarself, om vir haarself te behou wat daar nog uit haar tuiste te red was: al die geliefde verhale, die gelukkige vreedzaamheid van kommerlose dae en die skoonheid van haar geboortestreek met die lang, smal mere en die vér, blou heuwels.

Toe sy 'n paar weke later begin skryf, het sy geen vooropgesette plan gehad nie, sy het net besluit om haar met al haar kinderlikheid en drome aan haar stof oor te gee.

Die resultaat was verrassend. Dit was of alles wat al die jare lê en wag het om geskryf te word, eenvoudig oorgestroom en die manuskrip homself geskryf het.

Dit was die eerste gebeurtenis.

Die tweede was dat haar suster 'n rukkie daarna by haar aangedring het om deel te neem aan 'n prysvraag wat deur die Sweedse vroueblad IDUN uitgeskryf is. Agt dae voor die sluitingsdatum het sy ingewillig om mee te ding. Toe was drie hoofstukke rofweg geskryf en die orige twee van die vyf wat sy moes voorlê, nog nie eers aan geraak nie. Ten spyte van allerlei verpligtinge het sy snags geskryf, dikwels tot vieruur soggens, en op die vasgestelde datum was die vyf hoofstukke voltooi. Daarmee het sy ook die prys verower.

Van toe af het dit vinniger gegaan. Vriende wat die waarde van haar werk besef het, het dit vir haar moontlik gemaak om 'n jaar lank verlof te neem sodat sy al haar aandag aan die voltooiing van die werk kon gee, en 'n jaar nadat sy die prys verower het, het GÖSTA BERLING verskyn.

Die merkwaardige van die werk is dat Selma Lagerlöf nie besluit het om die werk te skryf nie, maar dat die verhale hulle letterlik aan haar opgedring het. 'n Kenner van haar werk het dit só uitgedruk: —Selde in die geskiedenis van die letterkunde is 'n skrywer so duidelik gedwing om 'n gegewe verhaal te vertel as in die geval vanselma Lagerlöf met GÖSTA BERLING.—

Oor die ontstaan van die werk skryf sy self soos volg:— Daar was eenmaal 'n sage wat gewens het om vertel en in die wêreld uitgelei te word. Dit was heeltmal natuurlik, want dit het geweet dat dit so goed as voltooi was. Baie het deur merkwaardige dade meegewerk om dit te skep; ander het hulle deeltjie bygedra deur dit keer op keer te vertel. Wat nodig was, was dat dit versigtig saamgestel moes word sodat dit gerieflik deur die hele land kon rondreis. Dit was nog net 'n vreemde mengelmoes van verhale, 'n vormlose wolk van avontuur wat heen en weer gedryf het soos 'n swerm verdwaalde bye op 'n somersdag en nie geweet het waar hulle iemand sal vind wat hulle in 'n byekorfsal onderbring nie.—

—'n Mens moet ou verhale versigtig hanteer, hulle is soos verlepte rose, hulle blare val maklik af as 'n mens te naby kom.— Met hierdie eerbied het

Selma Lagerlöf die geskiedenis van Gösta Berling geskryf, 'n geniale jong predikant wat aan die drank verslaaf raak. Hy word deur die vrou van 'n majoor opgeneem in die kring van kavaliers wat sy op haar landgoed, Ekeby, om haar versamel, en ten slotte boet hy sy sonde deur 'n lewe van arbeid en ontbering. As kind het Selma Lagerlöf met oorgawe geluister na die verhale van die arm offisiere wat in hulle ou rammelende koetse, bespan met stokou perde, voor die stoep van Mårbacka stilgehou en daar om die kaggelvuur vir die gesin Lagerlöf hulle avonture vertel het.

In GÖSTA BERLING leer ons die predikant ken wat afgesit is en dood-ongelukkig as bedelaar rondswerv, met geen begeerte om te leef nie. Daar is die kavalier, Liljecrona, die kunstenaar wie se verlangens gedurig huiwer op die grens tussen die idilliese huislike vrede en die avontuurlike atmosfeer van Ekeby; die vrome gravin Ebba Dohna wat op die weerkoms van die Messias wag en die majoorvrou self wat 'n teenstelling van vroulikheid en heersug, 'n komplikasie van skuld en boetedoening is. En dan is daar die genie, Kevenhüller, wie se wondergawe hom so ongelukkig maak dat hy smeek dat dit van hom wegeneem moet word sodat hy tog net 'n gewone mens kan wees. En dan die filosoof, Eberhard, wat die wese van die moderne mens met sy twyfel, vrae en negasie in dié woorde gee: —Wat is ons wat deur die lewe fladder? Die vonke van die lewe spat van die een op die ander. Ons word aangesteek, vlam op en word uitgeblus. Dit is die lewe.—

By die verskyning van die boek is die kritici heeltemal in die war gebring deur die *andersheid* van die boek, net soos met Hans Andersen en sy sprokies gebeur het. Hulle het nie eintlik geweet waar om dit te “plaas” nie. GÖSTA BERLING was volgens hulle emosioneel te ryk, en die temas wat verheerlik is, het tot 'n vergange eeu behoort. Die eeu van die koue rede kon dit nie aanvaar nie. Volgens die literêre smaak van die dag het hierdie onderwyseressie al haar kans eop 'n literêre toekoms verbeur deur 'n roman te skryf wat feitlik elke ideaal van literêre komposisie trotseer het. In plaas van objektiewe oorsaak-en-gevolg-verhouding in die lewe, het Selma Lagerlöf haar besig gehou met die ongelooflike en fantastiese, met 'n wêreld van avontuur waar die vreugde van die lewe nog betekenis het. G'n wonder dat die Sweedse kritici haar werk meedoënloos verdoem of net effentjies aanbeveel het nie. Dit was die Deense kritikus, Georg Brandes, wat die beslissende woord oor die onmiskenbare vernuuwing van die Sweedse prosa in GÖSTA BERLING gespreek het. Selma Lagerlöf het die Sweedse roman rehabiliteer. As verteller is sy deur geen ander Skandinawiese skrywer geëwenaar nie, behalwe somtyds deur Hamsun. 'n Mens moet GÖSTA BERLING dan ook as 'n spontane vertelling lees en nie die maatstaf van sielkundige ontleding en die gewone romantegniek daarop probeer toepas nie. Van die kavaliers is daar gesê dat hulle soos kinders was en net so impulsief gehandel het. In dié sin is die tegniek van die werk in ooreenstemming met die karakters. Daarby kom dat hulle impulse fundamenteel goed bedoel is. Swak en kinderlik mag hulle miskien wees, maar nooit gemeen nie. En dit is weer van belang: dat Selma Lagerlöf dit reggekry het om in die kern van die menslike natuur altyd nog iets goeds te vind.

'n Paar jaar lank was daar 'n hewige twis óf sy wel die Nobelprys moes kry. Veral een lid van die Sweedse Akademie, Wirsén, wat haar gewes heeltemal misken het, het hom in hierdie woorde daarteen verset: —Omdat ek in die werk van 'n outeur wat met die Nobelprys vereer moet word,

natuurgetrouheid en nie onnatuurlikheid wil ontdek nie, ware kuns en nie kunsmatigheid nie, egte fantasie en nie onwerklikheid nie, en aangesien Selma Lagerlöf m.i. in die meeste van haar werk nie aan hierdie vereistes voldoen nie, kan ek nie vir haar stem nie.—

Maar dieselfde selfversekerde Wirsén het, toe Maurice Maeterlinck, die Belgiese skrywer, kandidaat vir die prys was en die komitee hom nie wou goedkeur omdat hulle hom net as “'n interessante rariteit met hipersensitiewe senuwees” beskou het, gesê: —Sy skildering van die lewe is presies, al lyk hulle soos drome.— En hy het volgehou dat hulle nie kunsmatig is nie.

In elk geval het die Akademie én die publieke opinie hom i.v.m. Selma Lagerlöf oorstem en hulle het haar die erkenning gegee wat haar werklik toegekam het.

Hierdie vrou van wie in die woorde van een van haar biografiste gesê word: “... dat sy ons altyd en enkel die onverganklike gee, dat sy ons bo die materie ophef na die goddelike stabiele wat troon bo die wisselinge, dat sy vir ons sing van waragtige mensieliefde wat weet om te vergewe en vir ons laat sien dat ook in die mees bedorwenes daar paradyse sluimer...” is op 20 November 1858 op die landgoed Mårbacka (Moerasheuvel) gebore. Haar jeugjare, en veral haar ouma, het 'n onuitwisbare indruk op haar lewe gelaat, en dit is een van die mooi en gelukkige dinge, veral in haar skrywersloopbaan, dat sy nooit van haar verlede losgekam het nie. Haar lewe en werk lewer die onomstootlike en uiters belangrike bewys dat die huislike invloed en omgewing deurslaggewend vir die mens se lewe is, en dit is uit die hoë idealisme van die huis waarin sy opgegroeï het, dat sy die idealisme van haar werk kon bou. Iemand het van haar vader gesê: —In u woon die groot welwillendheid, die hart wat vir elke skepsel oop is.— Die idealisme in haar werk is dus nie iets wat apart van haar lewe staan nie. Die Deense skrywer, Anker Larsen, het van haar gesê dat sy die onsigbare sien. Dit is waar, van haar in die besonder, soos van alle groot kunstenaars.

GÖSTA BERLING het op 'n tydstip verskyn toe die Sweedse letterkunde baie introspektief van aard en buitengewoon pessimisties van toon was. Die werk is in 'n liriese styl geskryf — in sterk teenstelling met die destydse werk — en het meteens die guns van die Sweedse en internasionale publiek gewen. Dit is interessant om te weet dat die boek in Denemarke onopgemerk verbygegaan het totdat die Vroue-leesunie van Kopenhagen dit aan die publiek gebring het. Dié leesunie het o.m. beheer oor leeskamers gehad en literêre voorlesings gereël.

Die geskiedenis van Gösta Berling is met aangrypende en misleidende eenvoud gegee, soos so dikwels met meesterwerke gebeur, totdat iemand se oë daarvoor oopgaan. Dit het die roman tot een van die klassieke van die wêreldletterkunde gemaak. Maar die kern en blywende waarde daarvan lê in die aanvoeling van die verband tussn God en mens, in die kennis van goed en kwaad in 'n mensiesel en die begrip daarvan wat tot vergewing lei.

Haar werk is moderner as die modernes, is op 'n keer gesê. Om hieroor en oor die veelsydigheid van haar werk te skryf, vereis veel meer as 'n enkele artikel. 'n Mens kan hoogstens enkele titels van haar werk noem wat in minstens 36 tale vertaal is, bv. die poëtiese CHRISTUSLEGENDES, JERUSALEM met sy merkwaardige kennis van die enkeling en die massa, NILS HOLGERSSON, 'n kunssprokie van wêreldformaat, DIE HUIS VAN

LILJECRONA, DIE WONDERE VAN DIE ANTICHRIS en die trilogie DIE LÖWENSKJÖLDSE SIKLUS wat as haar eintlike meesterwerk beskou word en tussen haar 65ste en 70ste jaar geskryf is.

Op haar 70ste verjaarsdag het die kritici en publiek van haar gesê: — Ons het te doen met iemand wat ons voortdurend in aanraking met die ewige dinge bring, iemand wat die onsigbare werklikheid sien. Sy het daarom ook die Stem wat in die diepe mensesiel sing, met stille toewyding beluister en in haarself, met Gods hulp, die growwe geluide van die wêreld wat altyd weer die lied probeer oorstem het, teruggedring. Daarvoor moet 'n mens nie alleen 'n sterk gees en vaste karakter hê soos sy nie, maar veral ootmoedig wees.—

Hier in ons sonneland, op 20 November, Selma Lagerlöf se geboortedag, kan ons miskien 'n oomblikke stille hulde bring aan haar wat — dank sy die hulp van 'n vérsiende regering en ander instansies wat dit vir haar moontlik gemaak het — haar lewe aan die onmisbare skeppinge van die gees gewy en vir die wêreld nagelaat het. In haar werk wat oënskynlik so eenvoudig lyk, lê die vertwyfeling van die moderne mens, maar ook iets anders. Sy skryf in een van haar briewe: —Dit is moeilike dae vir hulle wat behoefte aan geloof het. Want die behoefte is sterk in my ook ter wille van my skeppingswerk. Daar was tye toe ek sterk materialis en verstandsmens was, maar my digtersaard wat hom op die gebied van die mistiek wil beweeg, dwing my bestendig terug in die pad van die gelowiges.— En in 'n ander brief skryf sy: —As ek nie oor die wonder, oor die bonatuurlike kan skryf nie, dan deug ek vir niks. En hierdie innerlike drang het my teruggevoer na die geloof dat daar 'n ander wêreld moet wees.—

Dit is haar oplossing vir die wêreld van vandag. Min het sy geweet hoe groot die behoefte aan 'n anker 35 jaar na haar dood sou wees.

In die jaar van die vrou sê ons graag: Saluut, Selma Lagerlöf! Maar, met die verdere erkenning dat mense en kunstenaars soos sy nie aan 'n bepaalde jaar gebonde is nie, maar aan alle tye behoort, en dat sy ook haar erfenis daar uit die heerlike Värmland waar die winter nou eensaam en stil word, aangee na ons in die sonnesuide waar ons die komende Kersfees weer haar Heilige Nag sal lees.

My hulde aan haar wil ek graag betuig deur die eerste hoofstuk van GÖSTA BERLING vir die eerste keer in Afrikaans aan te bied.

UIT: *GÖSTA BERLING*: DIE PREDIKANT
(Uit die Sweeds vertaal deur Hymne Weiss)

Eindelik staan die predikant op die preekstoel.

Die gemeenteleds kyk op. So, dan is hy tog daar! Hierdie Sondag sal die diens dus nie afgestel word soos die vorige en baie ander Sondae nie.

Die predikant is jonk, lank, slank en stralend mooi. As 'n mens 'n helm op sy hoof geplaas en hom 'n swaard en harnas gegee het, sou jy hom in marmer kon gebeitel en die beeldhouwerk na die mooiste Athener kon genoem het.

Die predikant het die diep oë van 'n digter en die vaste, ronde ken van 'n veldheer; alles aan hom is mooi, fyn, uitdrukkingsvol — 'n wakker, geniale gees.

Die mense in die kerk voel eienaardig bedruk om hom so daar te sien. Hulle was eerder gewoon dat hy al slingerend uit die herberg kom in die geselskap van vrolike kamerade soos Beerencreutz, die owerste met die dik, wit snor, en die sterk kaptein, Kristian Bergh.

Hy het hom so te buite gegaan dat hy verskeie weke lank nie sy werk kon doen nie, en die gemeente was verplig om oor hom te kla, eers by sy hooflaar en toe by die biskop en sy raadgewers. Nou het die biskop na die gemeente gekom om die ondersoek te lei en uitspraak te gee. Hy sit in die koor met die goue kruis op sy bors en óm hom predikante van Karlstad en omliggende gemeentes.

Dit ly geen twyfel dat die predikant se gedrag die grens van betaamlikheid oorskry het nie. Destyds — omstreeks 1820 — was die mense betreklik toegieflik wat die drank betref, maar hierdie man het sy amp ter wille van die drank verwaarloos, en nou sou hy dit verloor.

Hy staan op die preekstoel en wag terwyl die laaste psalmvers gesing word.

Terwyl hy daar staan, kry hy die besliste gevoel dat hy in die hele kerk, in al die banke, net vyande het. Onder die hoëlui in hulle afgesluite banke, onder die boere laer af in die kerk, onder die katkisanter in die koor het hy vyande, niks anders as vyande nie. Dit is 'n vyand wat die orrel trap, 'n vyand wat dit bespeel. In die kerkraadsbank het hy vyande. Almal haat hom, van die klein kinders wat die kerk ingedra is tot die koster, 'n stywe, stram soldaat wat die slag by Leipzig meegemaak het.

Die predikant sou op sy knieë wou neerval en hulle om erbarming smeek.

Maar die oomblik daarna kom daar 'n stomme woede oor hom. Hy onthou goed hoe hy was toe hy 'n jaar gelede vir die eerste maal op dié preekstoel geklim het. Tóé was hy 'n smettelose man, en nou staan hy daar en kyk af op die man met die goue kruis om sy nek wat daarheen gekom het om hom te veroordeel.

Terwyl hy die openingsgebed lees, styg die bloed telkens na sy gesig. Dit was die woede.

Dit is waar genoeg dat hy gedrink het, maar wie het die reg om hom daarom aan te kla? Het iemand die pastorie gesien waarin hy moes leef? Die dennebos staan swart en donker tot teen die vensters aan. Die nattigheid

drup deur die swart dak langs die beskimmelde mure af. Is daar nie brandewyn voor nodig om 'n mens moed te gee as die reën of sneeustorm deur die gebreekte ruite binnetoe jaag en die verwaarloosde aarde nie brood genoeg wil gee om die honger vér te hou nie?

En hy dink toe dat hy juis die soort predikant is wat hulle verdien. Hulle het immers almal gedrink. Waarvoor moes hy alleen hom aan bande lê? Die man wat sy vrou begrawe het, het hom by die begrafnismaal te buite gegaan, die vader wat sy kind laat doop het, het daarna 'n drinkparty gehou. Die kerkmense het op pad huis toe van die kerk gedrink, sodat die meeste besope tuisgekome het. Dit was goed genoeg vir hulle om 'n beskonke predikant te hê.

Dit was op sy ampsreise toe hy myle ver oor bevrore mere, waar alle koue winde mekaar ontmoet het, in sy dun mantel moes ry, toe hy op hierdie selfde mere in storm en stortreën in 'n oop boot moes rondobber, dit was toe hy in sneeustorms uit die slee moes klim en vir die perd 'n pad deur huishoë sneeuhoë moes baan, of toe hy deur moerassige bospaaie moes sukkel — dit was tóé dat hy die brandewyn leer liefkry het.

Die dae van die jaar het voortgesleep in drukkende duisternis. Boer en kneg was met alle gedagtes aan die aardse stof gebonde, maar teen die aand het die gees sy boeie afgegooi, bevry deur die brandewyn. Die inspirasie het gekom, die hart is verwarm, die lewe het stralend geword, liedere het geklink, rose het gegeur. Dan het die kroeg vir hom 'n blomtuin in die Suide geword. Druie en olywe het bo sy hoof gehang, marmarbeelde het tussen die donker loof geblyk, denkers en digters het onder die palms en platane gewandel.

Nee, hy, die predikant hier bo in die preekstoel, het geweet dat sonder brandewyn die lewe in hierdie landstreek nie geleef kan word nie. Al sy toehoorders het dit geweet, en nou wil hulle hom veroordeel.

Hulle wil sy toga van hom afruk omdat hy dronk in die huis van hulle God gekom het. O, al dié mense, het hulle miskien... wil hulle hulle verbeel dat hulle 'n ander god het as die brandewyn?

Hy lees die voorbed en buig sy hoof om die Onse Vader op te sê.

Daar is 'n asemlose stilte in die kerk onder die gebed. Maar skielik gryp die predikant met albei hande na die bande wat sy toga vashou. Dit is vir hom asof die hele gemeente, die biskop vooraan, die preekstoeltrappe opsluip om die toga van hom af te ruk. Hy lê op sy knieë en roer sy kop nie, maar hy kan voel hoe hulle ruk, en hy sien hulle so duidelik, die biskop, die predikante, die kerkvoogde, die koster en die hele gemeente in 'n lang ry, rukkende, plukkende om sy toga los te kry. En hy sien so duidelik hoe hulle almal wat so ywerig ruk, oormekaar die trappe sal afrol as die toga losgaan. En die hele ry daaronder wat nie tot by die toga kon kom nie, maar aan mekaar se klere trek, sou ook val.

Hy sien dit so duidelik dat hy moet glimlag daar waar hy op sy knieë lê, maar terselfdertyd staan die koue sweet op sy voorkop. Dit is alles te vreeslik!

Dat hy nou 'n verstoteling moet word om die brandewyn! 'n Afsitte predikant sal hy word. Is daar iets ellendigere op aarde?

Hy sou een van die bedelaars langs die grootpad word, dronk in die sloot lê, in vodde gekleed gaan en met misdadigers omgaan.

Die gebed is klaar. Dan moet hy sy preek begin. Toe tref 'n gedagte hom en verstom die woorde op sy lippe. Dit sal dan die laaste keer wees dat hy hier op die preekstoel mag staan en die eer van God verkondig.

Die laaste keer. Dit gryp die predikant aan. Hy vergeet alles van die brandewyn en die biskop. Hy dink dat hy die oomblik moet aangryp om van Gods eer te getuig.

Dit voel vir hom asof die kerk met al die toehoorders diep wegsink, diep afsink, en dat die dak van die kerk afgelig word sodat hy in die hemel kan insien. Hy staan alleen, heeltemal alleen in sy preekstoel, sy gees sweef op na die geopende hemel bo hom, sy stem word sterk en kragtig, en hy verkondig die eer van God.

Hy raak heeltemal besiel. Hy laat die geskrewe woorde lê, die gedagtes daal op hom neer soos 'n trop mak duiwe. Hy voel asof dit nie hy self is wat praat nie, maar hy begryp ook dat dít die hoogste op aarde is, en dat niemand in glans en heerlikheid hoër kan kom as hy wat daar staan en Gods eer verkondig nie.

So lank as die vlam van inspirasie in hom gloei, praat hy, maar toe dit uitgebrand is en die dak weer op die kerk afsak en die vloer weer opkom, ver, vër vandaan, toe laat hy sy kop sak en huil want hy het gedink dat die lewe hom sy beste uur gegee het en dat dit nou verby was.

Na die diens sou die vergadering en ondersoek begin. Die biskop vra toe of die gemeente enige klagte teen hulle predikant het.

Die predikant is nou nie meer kwaad en weerbarstig soos voor die preek nie. Nou skaam hy hom en buig sy hoof. Ag, al die ellendige brandewynstories wat nou voor die dag sal kom!

Maar daar kom niks nie. Dit is doodstil om die groot tafel in die konsistorie.

Die predikant kyk op. Eers na die koster. Nee, hy swyg. Toe na die kerkraadslede, toe na die waardige boere en eienaars van die ystermyne. Hulle swyg almal. Hulle lippe bly styf toe en hulle kyk effens verleë na die tafel.

Hulle wag dat iemand moet begin, dink die predikant.

Een van die ouderlinge maak keel skoon.

—Ek meen dat ons 'n goeie predikant het, sê hy.

—Die eerwaarde biskop het self gehoor hoe hy preek, val die koster in. Die biskop sê iets van herhaalde afstel van die diens.

—Die dominee kan tog ook siek wees, net soos enige ander mens, meen die boere.

Toe sinspeel die biskop op hulle misnoë met die predikant se lewenswyse.

En toe verdedig hulle hom uit een mond. Hy is so jonk, die dominee van hulle, daar is geen gevaar vir hom nie. Nee, as hy net gereeld so sal preek as hy vandag gedoen het, sal hulle hom nie ruil vir die biskop self nie.

Daar was geen aanklaers nie, daar kon ook geen regters wees nie.

Die predikant voel hoe sy hart ruimer word, hoe die bloed makliker deur sy are vloei. Om te dink dat hy nie langer onder vyande is nie, dat hy hulle gewen het toe hy die minste verwag het om predikant te bly!

Na die ondersoek eet die biskop, die predikant en die voorste gemeentelede in die pastorie. Een van die buurvrouens het die reëling van die fees op haar geneem, want die dominee was ongetroud. Sy het alles ten beste versorg, en dit het vir hom gelyk asof die pastorie nie meer so aaklig is nie. Die lang etenstafel was buite onder die dennebome gedek en dit het so mooi gelyk met die wit tafeldoek, blou-en-wit porselein, glinsterende glas en kunstig gevoude servette. By die ingang was daar twee berkebome en die vloer van die voor-

kamer is met jenerwblaartjies bestrooi, aan die balke het 'n blommekrans gehang, in al die kamers was daar blomme, die muwwe lug was weg en die groen vensterruite het vrolik in die son geblink.

Hy was so innig bly, die predikant. Nee, hy sou nooit meer drink nie.

Daar was niemand aan dié etenstafel wat nie bly was nie. Hulle wat grootmoedig was en vergeef het, was bly, en die vername predikante was bly dat hulle 'n skandaal vermy het.

Die goeie biskop lig sy glas en vertel hoe hy hierdie reis met 'n beswaarde hart onderneem het, want hy het baie lelike gerugte gehoor. Hy het uitgegaan om 'n Saulus te ontmoet, maar kyk, Saulus was reeds in 'n Paulus verander wat meer sou werk as hulle almal. En die vrome heer praat verder oor die ryk gawes wat hulle jong broeder ontvang het, en hy roem hulle. Nie dat hy hoogmoedig word nie, maar dat hy al sy kragte sou inspan en goed oor homself waak, soos hý moet doen op wie se skouers 'n besonder swaar en kosbare las gelê is.

Die predikant het nie baie gedrink die middag nie, maar hy was tog in 'n roes. Al die groot, onverwagte geluk het na sy kop gegaan. Die hemel het vurige tonge van inspirasie op hom laat neerdaal en die mense het hom hulle liefde gegee. Die bloed het koorsagtig en met rasende vaart deur sy are gevloei, selfs toe dit aand geword en die gaste vertrek het. Tot diep in die nag het hy in sy kamer wakker gesit en die naglug deur die oop venster laat instroom om die koors van geluksaligheid, die heerlike onrus wat hom verhinder het om te slaap, af te koel.

Toe hoor hy 'n stem.

—Is jy wakker, Dominee?

Daar kom 'n man oor die grasperk na die venster aan. Die predikant kyk uit en herken kaptein Kristian Bergh, een van sy getroue drinkebroers. 'n Swerwer sonder huis of haard was hy, hierdie kaptein Kristian, en 'n reus van gestalte en krag. Hy was so groot soos die Gurlittaberg en dom soos 'n bergtroll.

—Natuurlik is ek op, kaptein Kristian, antwoord die predikant. —Dink jy dit is 'n nag om in te slaap?

En hoor nou net wat hierdie kaptein Kristian vir hom vertel! Die reus het 'n voorgevoel gehad en begryp dat die predikant nou bang sou wees om te drink. Hy sou nooit meer rus hê nie, het kaptein Kristian gedink, want die predikante van Karlstad wat één maal daar was, kon weer 'n maal terugkom en sy toga van hom wegneem as hy drink.

Maar nou het kaptein Kristian sy swaar hand op die goeie werk gelê en dit so bewerk dat hierdie predikante nooit weer sou terugkom nie, nie hulle en ook nie die biskop nie. Van nou af kon die predikant en sy vriende daar in die pastorie soveel drink as hulle wou.

En hoor nou watter kordaatstuk hy uitgevoer het, hy, Kristian Bergh, die sterk kaptein!

Toe die biskop en die twee predikante in die toe rytuig inklim en die deur styf, styf toegemaak is, het hy op die bok geklim en hulle 'n myl of twee in die ligte somernag weggebring.

En toe het Kristian Bergh die hoogerwaardes laat voel hoe lossies die lewe in 'n menseliggam sit. Hy het die perde in 'n waansinnige vaart laat hardloop. Dit sou hulle kry omdat hulle 'n eerlike man nie sy roes gun nie.

Dink julle dat hy op die grootpad gebly het of dat hy versigtig was om

hulle nie te laat stamp nie? Hy het oor slote en velde met boomstompe gery, oor die heuwels afgevlieg na die meer sodat die kantwater om die wiele opgespat het, hy het byna in die moeras bly vassit, hy het by die kale berg afgejaag sodat die perde hulle pote styf gehou en afgegly het. En die hele tyd sit die biskop en predikante met bleek gesigte agter die leergordyne gebede en prewel. 'n Erger reis het hulle nog nooit gehad nie.

En dink 'n bietjie hoe hulle moes gelyk het toe hulle by Rissäter se herberg aankom, lewendig, maar deurmekaargeskud soos hael in 'n leer-sakkie!

—Wat beteken dit, kaptein Kistian? vra die biskop toe hy die deur van die rytuig vir hulle oopmaak.

—Dit beteken dat die biskop hom twee keer moet bedink voordat hy weer op 'n kerkbesoek na Gösta Berling kom, sê die kaptein Kristian, en hierdie sin het hy vooraf uitgedink om nie in die war te raak nie.

—Groet Gösta Berling dan, sê die biskop, en sê vir hom dat nòg ek nòg enige ander biskop ooit weer na hom sal kom!

En hierdie kordaatstuk staan die sterk Kristian Bergh by die oop venster in die somernag vir die predikant en vertel. Want kaptein Kristian het so pas die perde na die herberg geneem en dadelik na die pastorie gekom met die nuus.

—Nou kan jy gerus wees, Dominee en boesemvriend, sê hy.

Met bleek gesigte het die predikante agter die leergordyne gesit, maar die predikant by die venster lyk in die ligte somernag nog ontsettend bleker.

Die predikant tel sy arm op om 'n harde hou na die reus se growwe, dom gesig te mik, maar hy bedwing hom. Met 'n slag maak hy die venster toe, bly in die middel van die kamer staan en skud sy gebalde vuis na die hemel.

Hy, op wie die vlam van inspirasie neergedaal het, hy wat die eer van God verkondig het, staan daar en dink dat God die gek met hom geskeer het.

Sal die biskop nie dink dat kaptein Kristian deur die predikant saamgestuur is nie? Sal hy nie dink dat hy die hele dag gelieg en gehuigel het nie? Nou sal hy erns met die ondersoek teen hom maak, nou sal hy hom skors en afsit.

Toe dit oggend word, was die predikant weg van die pastorie. Hy het hom nie geraak om te bly en homself te verantwoord nie. God het die gek met hom geskeer. God wou hom nie help nie. Hy het gewet dat hy afgesit sou word. God wou dit so hê. Hy kon net so goed dadelik gaan.

Dit het omstreeks die begin van 1820 in 'n afgeleë gemeente in Wes-Värmland gebeur.

Dit was die eerste ongeluk wat Gösta Berling getref het. Dit was nie die laaste nie.

Want sulke vulle wat nie spore of sweep verdra nie, vind die lewe swaar. By elke pyn wat hulle tref, hol hulle voort op woeste weë na gapende afgronde. So gou as die pad klipperig is of die vaart moeilik, weet hulle geen ander raad as om die voertuig om te gooi en rasend weg te hol nie.

VINCENT VAN DER WESTHUIZEN

SIGEUNERS

Op soek na vrae,
trek ons van tyd tot tyd
met wimpels van protes
weg van die sekerheid.
Ons moet weer voorgeboortelik
onwetend wees, en skoon
soos by ontvangenis,
en weer moet ons gaan woon
waar daar nog skadu's is
en minder as vermoede,
en wanneer hul gestalte vind,
vertrek ons weer met woede.

ONS STASIE SOETVERDRIET

Ek wil jou net liefhê tot alles verby is —
jy ken mos die geut waar die mossies regeer,
waar die duive flankeer
teen die hoek van ons huurhuis
oorkant Soetverdriet-stasie.
Nou ja, net tot hul kleintjies leer vlieg het en weg is,
tot die dondergemompel verstom oor die rant,
tot die laat trein vertrek en 'n winterwolk stamp
oor die nanagperron
teen die sterreplafon.
Met die kraai van die haan
is jy vry om te gaan.

BY DIE ROBOT

'n Vet meisie met mooi oë
vertel aan 'n vriendin
hoe sy 'n stuk breiwerk moes uittrek
om van voor te begin —
hoog verontwaardig.
Ek vergeet jou nanagdood
met ons alles futiel
ons verrafelde droom,
voel oor haar moeie my siel
heeltemaal aardig.

TENOOR

As ek net daardie puurste noot kan haal,
die dun, blink fluit
bo al my verse uit,
die hoogste in my skaal
as ek dit soos 'n silwer koord kon span,
'n suiwer snaar,
my hart se hol kitaar
daarmee kon koppel aan die koepel, dan
sou ek daar rinkelwoorde aan kon string
wat alle stiltes toor tot poësie,
wat alle pyn verhef tot litanie,
wat elke kreet en elke sug laat sing.
Dan was my werk gedaan
en kon ek sterf —
sterf is die sterfling se geboortereg —
nou is my taak my skande:
om te swerf,
met neuriesang om 'n bestaan te veg
waar die gepeupel in 'n nagklub maal,
waar elke noot met hoor en sien vergaan,
nou moet ek ritme uit 'n blikding haal —
'n blink kitaar met handelsmerke aan.

DIGTER IN DIE NAG

Die berg is skoon, die stad lê blink gewaai
en donker skepe glinster op die baai
waar rimpelinge vlamvat by die maan,
waar staalkamele nou geknelter staan.
Uit die ruïnes van sy nanagdroom
half toegeval, verrys 'n simpel oom
om wag te staan by een of ander hek,
en so word ek oplaas ontdek, waar ek,
my eerste stamelwoorde skaars gesê,
gekruisig in my eie wrakhout lê.

GEDIGTE

met 'n fees
in kindertyd
het ek 'n verseboek
present gekry

daarbinne
het kabouters
in 'n kring
almal vrolik
saam gesing

ringeltjie ringeltjie hop-sa-la
hier dans ek met my ou-pa-pa

deur soveel
slapelose nagte
kom die reëls
in my gedagte

ringeltjie ringeltjie hop-sa-la
hier dans ek met my ou-pa-pa

dan slaap ek
stil verruk
tot die rooidag
rustig

as ek dan verlaas
my oë sluit
en hul my toegooi
met die laaste kluit

sing dan almal
vrolik saam

ringeltjie ringeltjie hop-sa-la
hier dans ek met my ou-pa-pa

★ ★ ★

Ek het my hart
in die huis verloor,
iewers
onder die persiese mat
of agter die geweefde gordyn.

Het hy met
die derde toilet
weggespoel

of sit hy dalk
in die vyfde
badkamer vas

Iewers
iewers
is my hart,
my hart
is weg.

SUIKERRIET-BRANDE

In Amsterdam is die sneeu
spierwit
Switserland is wit
van sneeu.

Is die windjie 'koud en skraal'
oor heel die Vrystaat
en Transvaal
dan sien 'n mens van ver
die sneeu
wit op die Drakensberge lê.

Maar as die sneeu
'die lieflike sneeu
op die aarde
neer kom daal'
in Zoeloeland
dan is die sneeu
pikswart.

die son gaan onder
by Mont-aux-Sources

die dassies soek die son
hoog bo
die hoogste krans,
gaan sit dan in 'n rytjie
al langs
die smal klein lysie

die nag is in die kloof
die aasvoëls sak al af
en laer

die hoogste krans
bly rooi gevef
die dassies glim wit
al witter
in die son
by Mont-aux-Sources.

FRANCIS GALLOWAY

VIR MY KIND

my oë gee aan jou
die houtappels van September
en my voete
probeer vir jou 'n staanplek trap
op 'n gladde land

jy kruip op in my vingers
sodat ek jou kan inlyf
in die rondings
van die liefde

voor geboorte reeds
bring my mond die kennis
van naboombitter en basiliekruid

ek plant vir jou
'n handvol
langbeen blou aande
en skryf jou name
met nat vingers in die wind

ALMANAK

in my skommel
die dobbelsteentjies
van 'n nuwe lewe

maar ek, met 'n naelstring
vasgeanker, het geen
sê meer in die spel

die wentelgang van
tien mane
mengel 'n karakter
uit rus en spanning

en iewers in die donker
verdeel chromosome 'n sel
in been en spier
bloedvat en nier

word die lot gewerp
op kontoer en kleur
en op geslag

in die geheim
word daar besluit
op 'n kombinasie —
een uit miljoen miljoene

(sal dit speling laat
vir die ronde duikie
in jou ken
en my kleintoontjies
byna sonder nael?)

'N BOWLER SOOS 'N VERKLEURMANNETJIE

Die herfs had die stad al donkerbruin en geel beleër dié môre. Ek het nog loop en dink dat ek tog aanpas. Genoeg in elk geval om die een Europese winter te kan deurleef ondanks die wete dat die somer oor my land hang en by Witsand die branders wit blom onder die son. En toe ineens dié stem uit die Boland.

Een huiweringe oomblik dag ek aan opgeefsels. Maar die bry-erre en die padlangs praat was onmiskenbaar al hoort dit iewers waar die appelkoosbome nou soos bruidsmeisies staan en Simonsberg daaglik korter skadus gooi. Hy loop hier skuins voor my en praat van 'n "drgaadloos". Netjies Suid-Afrikaans aangetrek. 'n Swart jas oor 'n snyerspak, kort hare, brandpad net bo die ore. Langs hom loop 'n opgeskote seun wat af en toe op net sulke netjiese Afrikaans antwoord.

Ek tik hom op die skouer. "Dis goed om die Boeretaal hier te hoor." Hy kyk om. Verras. Dan ruk 'n oop glimlag deur die effense ouderdom op sy blekerige gesig. Ons gee hand en stel voor. "Hofmeyr", sê hy. Ek dink aan Onze Jan, verduidelik my studiestorie en vra by watter hotel hulle tuis is. "Nee," sê hy. "Ek is eintlik professor hier. Nou byna tien jaar."

Ek ys 'n bietjie oor die gevolge van my implisiete geringskatting waarvoor Suid-Afrikaanse akademici so sensitief is. Hy praat egter ongepla voort en kort voor lank is ek genooi vir 'n Sondagmiddagbesoek.

Die huis in die rykmansbuurt buite die stad staan met sy twee verdiepings effe weggekruip agter Europese woudbome. Met my aanstap voordeur toe roep 'n koekoek nes 'n horlosietjie, twee-, driemaal.

Ondanks die grys hare plek-plek in die netjiese kapsel, is die vrou by die voordeur mooi met die trekke van 'n jongmeisie. Haar Afrikaans is sonder aksent. Halfpad sitkamer toe kom ons 'n dogtertjie teë wat op Afrikaans en op 'n Suid-Afrikaanse bedeesde wyse groet nadat haar ma haar aangespreek het.

"Sy's nou ons eerste Europeërtjie," sê die vrou. "Hier gebore, twee jaar na ons aankoms. Ai, sy sukkel nogal so met die skooltaal. Hou veel meer van Afrikaans!"

In die sitkamer is daar 'n buurman wat kom inloer het. Ons praat on-Europees oor die herfsdae wat nié so mooi is soos 'n mens gehoop het nie. Professor se aksent is selfs in die vreemde taal opmerklik Afrikaans.

As die man weg is, drink ons koffie. Ek eet die varsgebakte melktert met waardering en komplimenter Mevrouw oor die kors. "Dis nog my oumagrootjie se resep," sê sy ingenome.

Die gesprek beweeg aanvanklik heen en weer, maar gaan staan dan soos 'n kompasnaald op die Toestand.

Professor roer hom effens dieper ín in sy duur leunstoel en vang my onverwags met die akademiese objektiwiteit waarmee hy die Nasionale Party se stagnansie, die VP se versteendheid en die Progge se skyn óópsny. "Die Afrikaner", sê hy, "trek sy laaste laer". Mevrouw vul aan met mooi gekose woorde.

Só praat mense wat hul visie nie meer laat keer deur die alledaagse nie. Ek besef ineens hoe vervelend selfs my objektiefste geselspogings oor die saak

hier moet klink. Professor bevestig dit met sy intense blik op die herfsbome buite. Mevrou vryf met groot aandag haar mooi dogtertjie se blonde haartjies deurmekaar.

Ek keer die gesprek bewustelik behendig weg na die opmerklieke impi stinkhoutstoele om 'n geelhouttafel eenkant in 'n gesellige eethoekie. Dadelik is Professor weer die ene lewe.

"Ja, ons het dit uit Stellenbosch saamgebring. Kaapse stoele. Erfgoed. Jy weet my pa was mos professor en my oupa ook." Mevrou haal 'n versierde suikerpot uit 'n vertoonkas. "Kaapse silwer uit die vorige eeu, hoor!"

Ek begin die vertrek met belangstelling deurkyk. Teen die een muur hang 'n reeks afdrukke van potloodsketse deur bekende ou Suid-Afrikaanse kunstenaars. Ek staan op om 'n skildery van Tafelbaai te beskou. "'n Egte Bowler. Was nog my oupa s'n", verseker Professor my.

"Ja," sê Mevrou. "Ons voel ons het tog 'n táák hier in die buiteland om die Africana-stukke te bewaar. 'n Mens is só bang met die onluste beskou die swartes die museums ook as simbool van die Afrikaner-oorheerser. En as daar die dag 'n meerderheidsregering kom..."

Ons wandel later 'n bietjie deur die herfswoud, gesels oor die moontlikhede wat 'n mens hier oorsee het om akademies te kan spesialiseer. Hulle het hom destyds pás na sy promosie genader om aan te bly as professor. "Die keuse was nogal moeilik," sê Mevrou. "Maar hier is soveel meer moontlikhede en ons is werklik gelukkig."

"En is u nou nog Suid-Afrikaanse burgers?"

"Ons het tot twee jaar gelede gewag voor ons dit laat vaar het. Daar was nogal altyd iets wat ons teruggehou het. Nouja, 'n mens kan ook soveel meer reis met 'n ander paspoort, nè," sê Mevrou.

"Ja, en 'n mens se belange is ook maar later hier. As dit byvoorbeeld verkiesing is, wil jy stem," voeg Professor by.

Iewers in die bome roep 'n kraai tweemaal, driemaal. Verderweg antwoord sy maat. Ons draai terug.

Ek gesels oor die moontlikhede om die plek te gaan opsoek waarvandaan my voorsate geëmigreer het noudat ek die kans het. Vir Professor is dit nóg 'n geliefde onderwerp. Met trots vertel hy van sy familienavorsing. Tuis haal hy 'n lêer uit met 'n klomp ou-ou briewe wat sy mense se voorouers aan die Kaap aan hul verwante oorsee geskryf of in antwoord ontvang het. Tussenin is 'n hele reeks starre foto's waarop hy akkuraat die manlike draers van die familienaam uitwys, sý naam. "Dié is my oupa", sê hy as hy die pak amper deur is. "Hy was destyds ook professor. My pa had ook die familienaam." "Ja, dié was ook professor," help Mevrou.

"Hoe interessant. En nou is u die derde."

Ons sluit die middag af met 'n lekker glasie droë Kaapse sjerrie. Uit Stellenbosch se Bergkelder, volgens Mevrou. Buite het die son deurgebreek en dit val laag deur die kalerwordende bome, deur die groot vensters met die klein ruitjies, oor die geelhouttafelblad, die stinkhoutstoele en uiteindelik op die muur met die egte Bowler. Die branders is wit blomblare, dink ek. Soos dié wat naasbestaandes op 'n begrafnis strooi, maar tóg nie. Die see lééf en in daardie land bot die akkerbome nou en die appelkoosbome staan soos bruidsemeisies.

Ons stap voordeur toe wanneer die outydse horlosie sesuur begin slaan. Net na die derde slag druk Professor die voordeur toe. By die voorhekkie

groet ons met stewige hande. "Dit was aangenaam om u te ontmoet," sê ek. En as ek wegstap dink ek aan 'n verkleurmanntjie met die kleure van 'n egte Bowler. Só anders en tog so eenders as die warm, tydelike skildery van die herfs om my. En iewers weet ek ineens, kraai 'n haan — driemaal.

F.A.G. ROUX

DOOF MAAR NIE BLIND

Ek staan met my oor
teen die wind gespits
maar sien slegs die verre
geelwit blits

Hy kom in die wolk
met kanon en kartets
maar vir my slegs 'n lig
in die verte geëts

en die vonk in die wolk,
die vuur teen die wand
is klanklose skrif
teen die muur met die hand.

Ek staan met my oor
teen die wind gespits
doof teen die helder
lig-wit blits

ONDERSTROOM

Meneer lyk vandag weer so; asof hy kwaad is. Maar as hy opkyk, sien ek dis net omdat hy moeg is. Ek wonder waarom is grootmense so moeg?

As Meneer só lyk, sal dit niks help om met hom te praat nie. Netnou het Desmond hard gelag en Meneer het net vir hom gekyk. Desmond het skaam gekry; nou praat niemand meer nie. Drieka het vir Desmond gekyk omdat hy so hard gelag het. Toe kry hy weer skaam. Hy hou van Drieka, maar sy word sommer vies as hy so aandag trek.

Dit sal nie help om vandag met Meneer te praat nie. Miskien word hy weer anders ná speelyd, maar ek weet nie. Sê nou hy is môre nog kwaad? Dis nog net twee dae voor die vakansie. Ek kan hom mos nie vra as hy moeg is nie.

Die opstel. Ek sal hom van die plaas vertel in my opstel. Hy het gesê dis ons huiswerk. Ek sal van alles in die opstel skryf, dan weet hy mos as ek hom vra. As hy weet van die rivier, en Boet Faan se perd, sal hy seker ja sê. Ek moet net alles mooi in die opstel beskryf.

“Meneer?” Dis Bettie wat witvoetjie soek. Sy doen dit altyd as Meneer vir ons kwaad is. Al is dit nie sy wat hom kwaad gemaak het nie. Meneer kyk vir haar, maar hy sê niks. Dit sal nie vandag help nie. “As ons klaar is met die kaarte, kan ons maar aangaan met die huiswerk, Meneer?” Almal kyk nou vir Meneer. Dit lyk of hy dink. Miskien het hy nie mooi verstaan nie. My pa maak ook partykeer so as ek met hom praat. Ek weet nie hoekom is grootmense so nie.

“Wie is nog nie klaar nie?” vra Meneer vir die klas.

“Ons is amper klaar, Meneer” sê ’n klomp gelyk. Bettie hou haar boek op dat Meneer kan sien.

“Ek wil eers sien. Bring julle boeke.”

Bettie loop eerste. Ek kyk eers weer na my kaart. Dit lyk ’n bietjie lelik waar ek by die Drakensberg uitgegee het. Miskien moet ek die blaai uitskeur en weer begin; ek wil Meneer nie weer kwaad maak nie. Maar dan gaan ek agter raak, en ek wil graag met die opstel begin.

“Jy kan maar aangaan met die huiswerk” sê Meneer vir Bettie. Sy lyk baie vernaam as sy weer kom sit. Haar Pa is ook ’n onderwyser by die hoër skool. Seker daarom dat sy nie bang is vir Meneer nie, al lyk hy so moeg.

Dis maklik om ’n kaart te teken, maar ’n mens weet nooit of dit reg is nie. Daarom moet Meneer eers kyk. Ek wens Bettie kon my boek vir hom vat. Met opstelle is ek nooit bang nie, maar met ’n kaart weet mens nooit. Ek sal maar solank met die opstel begin: daar is nog ’n paar kinders by Meneer.

“Waaroor gaan jy skryf?” fluister Neels vir my.

“Oor die vakansie; ons moet mos almal daaroor skryf.”

Meneer het ons gehoor. “Is julle twee klaar?”

Ek weet my gesig word anders. Nou kyk almal vir ons. Ek wil hê Neels moet antwoord, maar hy sê niks.

“Bring julle boeke.”

Ek wens ek het my kleurpotlode skerp gemaak voordat ek die kaart begin inkleur het. Te laat. Neels loop voor. Hy het ’n geboortemerk agter op

sy nek. Ek het al orals op my lyf gesoek vir een, maar daar is niks. Ek wonder hoekom het net party mense geboortemerke. Dis seker iets spesiaals.

Meneer raas met Neels. Sy kaart is nie reg nie, nou moet hy dit oor doen. Dit voel soos wanneer my pa ons roep oor ons die kallerhek nie toegemaak het nie. Ek en Bisa. Hy is die klong wat ons beeste oppas. In die vakansie help ek hom altyd. Ek moet onthou om daarvan in my opstel te skryf.

“Jou Pa het gebel. Hy sê jy moet Vrydag saam met die Van Stadens ry; hy kan jou nie kom haal nie.” Ek dink nie Meneer het gesien dat ek teleurgesteld is nie. As my pa ons nie kom haal nie, kan ek Meneer nie vra nie. My pa moet by wees.

“Goed Meneer.” Ek wonder of my pa nog ander goed ook gesê het. Meneer het nie die uitveplek gesien nie.

Ek wou weet later met Meneer gepraat het, maar ek kon toe nie. Hy was in die personeelkamer ná skool. Meneer Theron was ook daar. Hy is ons hoof en almal is bang vir hom.

Ek weet nie hoekom my pa my nie kan kom haal nie. Miskien is my Ma siek, of dalk moet hy vir Boet Faan by die landbouskool gaan haal. Hulle maak beurte om vir Boet Faan en Willem te gaan haal, my pa en ons buurman, oom Wil.

Miskien is ek nie meer volgende jaar in Meneer se klas nie. Ek wil nie aan volgende jaar dink nie. Dis nog te ver. Liewer aan die plaas dink. Die plek waar ons vinkeiers gaan uithaal, is net reg om die opstel mee te begin. Bettie skryf ook goeie opstelle, maar Meneer sê altyd sy begin nie reg nie. Dit sal net die regte ding wees om met die eiertjies te begin.

Dis sulke ligblou eiertjies met spikkels op. Partykeer is hulle bruin. As 'n mens eers aan hulle gevat het, broei hulle nie meer uit nie. Dan skop die wyfie hulle sommer uit die nes uit. Boet Faan sê dis omdat 'n mens se vingermerke op die eiers sit, want hulle kan ruik as 'n mens daaraan gevat het. Dan wil hulle nie meer die kleintjies hê nie. Gelukkig is daar baie vinke op die plaas, veral by die rivier. 'n Mens weet eintlik nie waar kry almal plek om nes te maak nie.

Ek wonder of Meneer al so 'n blou eiertjie gesien het.

En die rooivinke! Hulle is vir my die mooiste. Hulle spog baie as die wyfies naby is, want die wyfies is nie so mooi nie. Dis tog te snaaks as hulle nes maak vir die wyfies. As hulle nie mooi werk nie, raas die wyfies met hulle en breek sommer weer die nessies stukkend.

Ek het eenkeer so 'n vinknessie skool toe gebring om vir Meneer te wys, maar die koshuiskinders het dit gevat en geskop soos 'n tennisbal. Dit was naderhand heeltemal flenters. Ek het nie vir Meneer gesê nie, maar ek sal nooit weer iets van die plaas af skool toe bring nie.

Dis lekker by die rivier. Al die vinke is daar, maar ons swem ook altyd daar. Boet Faan kan goed swem, maar ek is nog skrikkerig. Veral as die rivier vol is. Daar is palmiete en riete al langs die rivier af. Dit lyk partykeer of daar meel aan die riete se stamme is. En dit ruik na water in die donker kolle onder die riete.

Ek sit baie daar. My pa vra nooit juis dat ek moet help op die plaas nie. Hy dink seker ek is nog te dom, want Boet Faan is al twee jaar in die landbouskool en hy kan omtrent alles al doen. Ek mag nie saam met hom op die trekker ry nie. Dan gaan ek maar rivier toe. Niemand weet dit nie, maar ek

het al maats gemaak met een van die groot rooivinke. Hy ken my al goed en kom sit altyd naby my as ek stil sit. Daar is geelvinke ook, maar hulle lyk nie so vet soos die rooies nie. Ek noem die rooie Nero. Dis 'n mooi naam vir so 'n groot vink.

As ek alleen gaan, haal ek nooit die eiers uit die neste nie. Ek kyk net na hulle. Dit help tog nie om hulle uit te haal as daar niemand is vir wie jy dit kan wys nie. Die bloues is die mooiste; hulle lyk soos klippies wat 'n mens net in geheime plekke kry.

Eendag het ek en Boet Faan gaan visvang. Ek was nog klein en die visse wou nie by my byt nie. Toe het ek die stok gelos en vir Boet Faan gaan erdwurms grawe. Ek hou daarvan. Die grond is vol snaakse goed by die rivier. Toe roep Boet Faan skielik. Ek het geskrik.

“Jy het hom! Kom gou!”

Ek het gebewe toe ek die stok gryp en ek voel hoe swaar is die punt. Dit was 'n blink kurper. Maar hy het nie baie gespartel nie. Toe ek hom van die hoek afhaal, sien ek die ander merk onder sy keel. Hy was al gevang. Boet Faan het hom stilletjies aan my hoek gesit omdat ek nog niks gevang het nie. Hy wou my seker help. Dit het snaaks gevoel. Ek het gesê ek wil nie meer visvang nie want die visse kry te seer. Hy het nie vir my pa gesê van die vis wat ek gevang het nie. My pa het ook nie gevra nie. Hy hou seker nie daarvan dat ons visvang nie.

Daar is sulke groot wasklike ook langs die rivier. Ons lê op hulle en droogword as ons klaar geswem het. Hulle word pikswart en blink van die water. Dan lyk hulle soos beeste of ander groot diere wat altyd net op een plek staan.

Ek wonder hoekom kan my pa my nie kom haal nie.

Dit reën. Oom Van Staden ry versigtig dat ons nie in die modder vasval nie. Die rivier sal afkom as dit so aanhou reën. Ek wens ek kon nou al gaan kyk. Dis mooi om in die reën by die rivier te staan; dan dans die mannetjies op die water en jy kan niks aan die oorkant sien nie.

Hulle laai my by die stoep af. Oom Van Staden sê hulle sal nie inkom nie, hy's haastig. Ek haal my tasse self agter uit die bak en reën omtrent sopnat. My Ma kom op die stoep uit en help met die tasse. Sy hou my vas en waai vir Oom Van Staden. Kerneels waai vir my deur die agtervenster. Die kar maak spore op die grasperk. My pa en Boet Faan is nie by die huis nie. My Ma vra hoe gaan dit. Die huis ruik na brood en reën.

“Hoe gaan dit met die skoolwerk?”

“Nee goeddankie, Pa.”

“Leer julle darem iets?”

“Ja Pa.” My pa weet nie hoe baie weet Meneer nie.

“Ek wonder my.”

“Julle moet kom eet”, sê my Ma.

Boet Faan staan op om sy hande te gaan was. “Ons moet môre na die rivier gaan kyk, Boet Faan”, sê ek vir hom.

“Julle moet wegbly daar as die rivier afkom. Daar is genoeg om te doen op die plaas. Julle moet loop kyk na die kamphek; hy lê op die aarde.” My pa praat net met Boen Faan; hy dink seker ek is nog te klein.

“Het julle gehoor ek roep, Stefaans?” sê my Ma in die kombuis.

Ons sukkel al die hele môre om die hek reg te kry. Boet Faan is ook al moedeloos. Die jong sê hy wil eers eet. Ek sê ons moet gou na die rivier gaan kyk. My pa sal ons kos bring. Boet Faan lyk nie juis lus nie maar hy stap darem saam.

Die ergste stroom is al verby, maar hy loop nog sterk. Orals is bondels gras teen die riete vasgespoel.

“Ons sal eers môre kan swem,” sê Boet Faan. “Of oormôre.”

Ons kyk nog rond. Iewers skree ’n vink baie hard. Ons sien hom naderhand tussen die riete; ’n bloedrooie. Hy lyk bang en vlieg soos ’n mal ding rond. Dan sien ek sy nes. Dit het nat geword en hang tot in die stroom. Die riet waaraan dit vas is, hang krom soos ’n visstok. Boet Faan sien ook die nes raak.

“Hy kan vergeet; hy gaan wegspoel.”

“Kan ons hom nie help nie, Boet Faan?”

“Is jy mal? Die eiers is lankal verkleum.”

Die pa-vink skree nog harder. Hy dink seker ons sal hom help.

“Ons kan net die riet oplik, Boet Faan.”

“Ag vir wat? Hy sal tog nie hou nie, hy’s klaar pap.”

Ek kyk goed. As Boet Faan my vashou, kan ek rek en die nes bykom. Die ma-vink kom ook kyk. Sy skree en vlieg oor die water. Daar moet kleintjies in die nes wees.

“Ek sal hom met ’n stok haak, Boet Faan.”

“Pa wag vir ons.”

“Kom ons probeer net een keer, toe?”

Ek kry eintlik seer soos Boet Faan my klou. Die stok mik-mik, maar ek laat sak hom te laag. Amper trek die water hom uit my hande. Weer. Onder my arms deur kan ek Boet Faan se voete sien. Hulle begin gly op die nat palmiet. Hy skree iets. Ek skrik. Die water is voor my. Daar is net kans vir ’n halwe asem.

Daar is orals klippe onder die water; ek voel hulle teen my stamp. Beeste; die wasklippe lyk soos swart beeste. Dis donker en koud. Ek spoel teen die riete vas. Dit voel soos mense langs ’n straat wat vir my kyk. Hulle stamp my weg, terug in die stroom. Ek kry skaam omdat ek niks kan doen nie. En hulle kyk vir my.

Dit begin lekker word. Ek is nie meer bang nie; ek dryf net. Ek hoef niks te doen nie, ek spoel net saam met die water. Tot teen die brug, waar die rivier draai. Ek sien die hemel. Daar is niks; nie wolke of vinke of riete nie. Boet Faan kyk vir my. Sy gesig is wit soos die vreemde hemel wat ek gesien het.

Ons gaan nie weer terug na die kamphek toe nie. Die jong moet maar klaarmaak, reken Boet Faan. Hy help my as ek wil val, want my bene is lam. My Ma skrik as sy ons sien. Sy sê ek moet gaan lê. Ek sê vir haar ek wil nie vanaand eet nie.

My Ma en Boet Faan bring vir my sop. Dit begin al donker word. Hulle praat nie met my nie en ek wil naar word van die sop. Boet Faan sê vir my Ma hy wil ook nie eet nie; hy moet kraal toe gaan. Hy’t seker my pa hoor inkom. Ma Ma vat die goed terug kombuis toe.

“Waar’s die seuns?” vra my pa.

“Hulle het klaar geëet.”

Hy sê iets, maar ek kan nie hoor nie. My Ma sê vir hom ek het amper verdrink. "In die rivier geval."

"Het hulle tog nie gaan swem nie?" Ek kan hoor hy is kwaad.

"Hy't ingeval. Gegly."

"Maar het hulle dan nie ore nie? Ek het hulle die rivier belet!" Ek is bang hy roep my, want ek kan nie loop nie. Ek wéét hy het ons die rivier belet, maar ons wou mos nie gaan swem het nie. En Boet Faan was by. En die vinke het vreeslik geskree...

"Slaap hy al?"

"Ja; hy het groot geskrik."

"Sal hom leer om sy ore oop te maak."

"Los hom nou; dis tog verby."

Ek hoor my Ma sit koppies reg in die kombuis.

Ek kan nie slaap nie. Daar is iemand agter die deur. Ek weet dis Boet Faan se jas, maar dit lyk soos iemand wat daar staan en huil. Dit voel of die riete weer vir my kyk. Ek sien Meneer se gesig tussen die riete. Hy voel nog moeg, maar hy is nie kwaad nie. Ek dink hy wil met my praat, want sy mond gaan oop en toe.

Ek wens my pa wil by my kom sit.

Dis koud soos in die water vandag. Ek begin huil.

Ek was bang vir die riete en die mense wat so naby my was.

Nader as hý.

ek bestaan
 soos hi-fi-stelle
 in hedendaagse huise
 val uit koffieblikke uit en week
 in koppies tee
 slaap smiddags om 2
 en luister stories in
 eet saans my rys pampoens en vleis
 en gaan om 11 verveeld na bed
 Word enkele sekondes
 deur 'n droom gered.

SONSONDERGANG

Die son is doodgeskiet
 en het agter die horison
 ingeval
 nou vee die wind bloed op
 met wolke
 en eenkant staan die dag
 'n bleekgeskrikte ooggetuie hang sy
 haar roukleed
 stadig
 om

WOONSTELGEBIED

Wees my genadig Vader
 as ek in die verlepte lug
 van hierdie stad
 die sagte loot van hoop
 misvat
 en my dink se dak
 soos 'n trapsuutjies
 stadig groen word op jong waansin
 se slap tak
 Fokus U dan my skeel denke weer
 sodat ek kaalvoet deur asfaltsole van die pad
 die aarde kan voel groei
 en in die bruin en groen en blou
 van vreemde oë
 u veld, u bome en die wydsheid van u lug onthou
 En as die son soggens bo beton opkom,
 maak my weer seer met warm deernis
 vir weerlose klein kinders
 op pad skool toe in die oggendverkeer

H.M.K.

UITSPAN

iewers is daar per abuis
stukkies glas ontdek in vleis —
en
doodgewoon
maak 'n tannie in 'n kakietent
haar naels daarmee netjies
skoon

BLOMFONTEIN

'n sweiser het in hierdie plek
ver verby bankrot getrek:

by elke huis versuur met tralies
loer tannies uit met common tjalties

huil wat in die kiewe lê
soek nie 'n mond nie
dit bly en
val nie rond nie

ONTVLUGTING

ek verlang na 'n ceylon
om net te sit en bid
met die kom en sak vannie son

op te staan en te voel
wat ek met vandag bedoel
— behoed my siel dat ek nie al die
Godgesaaidenis verniel —

FRANS KOCK

COLLAGE

op 'n plek
waar min kom (min van weet)
is lowerplante en strome
wat inmekaar uitbrei
en word emaljkleurige varkore geproduseer;
tussen staalblou veldblomme
groeï 'n rooi
ingeduikte coke-blikkie

die kits sojawors en sintetiese melkpoeier
is uitverkoop het die komper
(rinkelend van staal en plastiek)
aan my meegedeel
en ek wis nie wat ons die aand sou eet

toe onthou ek van die Griekse supermarkie
wat behalwe groente en vrugte uit die oseaan
ook ander stapelvoedsel behoort te hê

MISVERSTAND

honger toeriste kom dikwels na die kafee
—langs 'n sierlike krom betonbrug wat natuurskoon
baie meter ondertoe oorspan en aan albei kante
afgronde dennebome balanseer—
om te eet
en die geriewe deur die parkeraad beskikbaar gestel
te geniet of om sommer rond te kyk of loop
blikkies stronke papiere stank
veldbrandjies te versprei
dit verseker dat die brug en kafee
nie ontuis sal voel in 'n vyandige natuur nie

'n diep kruis
oor die hart en 'n paar name
uitgekerf in die rooi bas van 'n boom
(naby die brug) kan maklik
tot 'n misverstand lei

DIE HELD IN DIE DRAMAS VAN N.P. VAN WYK LOUW

Die problematiek van die heldedom speel 'n belangrike rol in 'n hele aantal dramas van Van Wyk Louw. Die moderne mens staan baie skepties teenoor alle aansprake op heldedom, sowel in die werklike lewe as in die letterkunde. André Brink het aangetoon hoe die statuur van die held in die drama al hoe meer afgeneem het; hy is sielkundig ontleed, sy status is verminder na dié van 'n gewone man, en Brecht het selfs alles ondergrawe wat attribute van die heroïese was.¹⁾ Alhoewel Louw nie eintlik tot die geleedere van die "nuwe" dramaturge behoort nie en wel in die moontlikheid van heldedom glo, is hy tog deeglik van hierdie probleme bewus en verskeie van sy dramatiese werke is eintlik 'n verkenning van die ware aard van die heldedom.

Voordat ek die afsonderlike dramas bespreek, wil ek eers probeer om in die algemeen 'n paar aspekte van die held by Louw aan te stip. Sy helde het in die meeste gevalle hoë ideale, maar die dramaturg is nie tevrede met 'n mooi vertoon na buite nie. Hoë pretensies wat op innerlike kleinlikheid en selfsug berus, word genadeloos afgetakel. Aan die ander kant verwag hy nie dat die held volmaak moet wees nie; hy het 'n besondere begrip vir die swakheid en onvolmaaktheid waaraan alle mense onderhewig is. Daarom is hy bereid om die moontlikheid van heldedom te sien in gevalle waar ons dit normaalweg glad nie sou gesoek het nie, soos in die hoorspel, *Die held*. Hierdie simpatie met menslike swakhede verhinder egter nie dat die eis van *suiwerheid* baie pertinent aan die held gestel word nie; dit word deur sy medemens en boweal deur homself gedoen. In meer as een drama vind ons hierdie worsteling om suiwerheid by die held, en miskien kan dit selfs as die kern van die hele problematiek by Louw beskou word.

Die held word meermale gestel teenoor die menigte of die volk. Hy moet sy ideale handhaaf teenoor 'n massa wat dreig om hom mee te sleur en te dwing om *hulle* wil in plaas van sy eie uit te voer. Aan die ander kant moet hy met hulle saamlewe en saamwerk, en as hy sy ideale wil verweselik, moet hy hulle in die regte rigting kan stuur. Die held moet dus ook leiding kan gee. Maar dikwels kan hy alleen mag verkry deur dit te gryp, en daarmee kom die probleem ter sprake of dit in sekere omstandighede geregverdig is om geweld te gebruik om jou ideale te bereik. Loop jy nie daardeur gevaar om jou beginsels geweld aan te doen en so jouself te besoedel nie?

Louw toon verder 'n besondere belangstelling in die held wat hom nie soseer deur sy dade nie, maar wel deur sy denke onderskei. In 'n opstel getitel "Helde" maak hy 'n insiggewende stelling: "Ons wil nie min dink van die helde wat ons land voortbring het nie. Maar sou dit onbillik wees as 'n mens sê dat ons nog feitlik net helde van een soort, helde van wat ons soms so onnoukeurig die 'daad' noem, voortbring het — staatsmanne, krygsmanne, politieke leiers? Maar helde van die gees: stryders vir die waarheid, martelare van die denk, heiliges van die armoede?"²⁾ Helderdom moet dus nie net gesoek word in "'n daad wat soos donder slaan" nie, maar ook in die worsteling om helderheid en die trou aan die waarheid. Dit is daarom dat Louw soveel aandag aan aarseling en twyfel by die held gee. Sy held sien sake nie altyd so eenvoudig soos die massa, as 'n eenvoudige keuse

tussen wit en swart, reg en verkeerd nie. Hy tref veel fyner onderskeidings en dikwels moet hy nie tussen reg en verkeerd kies nie, maar tussen reg en reg. Dit is dus vir hom veel moeiliker om te kies as vir die gewone man. In die opstel "Heerser en humanis" sê die Gevangene: "Ek was nog nooit bang om magteloos of onseker te voel nie".³⁾

Ek wil nou 'n aantal dramas bespreek waarin hierdie problematiek 'n sentrale rol speel. Ek sal hulle nie in chronologiese volgorde behandel nie, maar min of meer volgens hul graad van kompleksiteit. Aan die begin het ek gesê dat Louw geen waarde aan bloot uiterlike vertoon heg nie. Alhoewel dit seker nie die hooftema van die hoorspel *Lewenslyn* is nie, is die ontmaskering van Esme tog een van die treffendste aspekte daarvan. Esme is natuurlik 'n besondere pikante kenmerk van hierdie spel dat die "hoog" sowel letterlik as figuurlik verstaan moet word. En sy wil ook altyd hoër gaan. Sy is nie trede om as koordanseres hoog te bly nie, maar sy wil later met die motorfiets tot bo uit ry: "Ek is byna bang om dit te sê: die lyn van my lewe, tot dusver, was: loop op die koord, dans op die koord: altyd gelyk gespan — hoog of laag; aan die end so laag as aan die begin: nooit óp nie. Maar nou teen die Muur: ópspiraal, ál hoër op, totdat ek bo alles jaag. Bo." Hierdie strewe na grootheid is egter net uiterlik; sy meet haar sukses net aan die byval van die publiek. Innerlik is sy kleinlik, want sy dink net aan haarself. En wat nog erger is, haar sukses word ten koste van ander bereik, selfs ten koste van hul lewens. Haar jeugvriend Willie lok sy uit om agter haar aan op 'n pyp oor 'n diep put te loop en Nel, die vrou van die man op wie sy verlief is, dwing sy om 'n toertjie uit te voer waarvoor sy nie opgewasse is nie. So verhard is sy dat sy ná hierdie rampspoedige gebeurtenisse kans sien om die rol van tragiese heldin te speel en so nog meer indruk te maak.

Maar in die Hiernamaals word sy genadeloos ontmasker. Morse, die opsigter, dwing haar om vir die eerste keer werklik te luister; sy wou nooit tevore die moontlikheid erken dat haar ideale dalk nie so groots is nie. Hier lê hy vir haar haar diepste motiewe bloot en sy kan niks daarteen inbring nie. Hy toon stap vir stap aan hoe haar sogenaamde groot ideale op selfsug en valsheid berus het. "Hoogte, by jou, was eintlik net 'n ander naam vir: 'self wil groot wees'; 'die eie-ek in die hoogste hoogste verheerlik!" Die "groot emosie" was vir haar die belangrikste: "Jy moes altyd die mooi rol speel: die hoë — selfs die heilige, was vir jou 'n rol. Jy moes bewonder word, geëer word. En wat het jy gedóén, ooit gedóén, om eer te verdien!?" So word Esme se pretensies geheel en al afgetakel totdat sy haarself uiteindelik in haar ware kleure sien en daarvan walg. Hier is die heldedom nie te vinde nie.

Van die ware helde is Kruger in *Kruger breek die pad oop* die mins gekompliseerde. Hy tree op in 'n krisistyd vir die Transvaalse republiek; die volk is verdeel in strydende partye wat elkeen net sy eie reg wil verkry, al is dit ook met wapengeweld. Te midde van die verwarring neem hy 'n baie besliste standpunt in waaraan hy nie 'n oomblik twyfel nie. Nie die reg van elke party is die hoogste maatstaf nie, maar die wet. Die wet mag gebreke hê omdat die mens wat dit maak, onvolmaak is, maar dit moet gehoorsaam word en kan alleen op wettige wyse verander word. Hy is nie bang om hierdie standpunt met die grootste krag te stel nie; die welwillende maar swak Pretorius is nie in 'n debat teen hom opgewasse nie, en die rebelse Schoeman word deur sy besliste houding so geïntimideer dat hy Pretoria verlaat en sy saak gewonne gee. Kruger is verder ook 'n man van die daad wat nie aarsel om kragdadig

en selfs met geweld op te tree as woorde nie help nie. Teen Viljoen trek hy met sy gewapende magte op en vergiet die bloed van sy landgenote om die orde te herstel.

Dit wil dus lyk of Kruger 'n alte volmaakte heldefiguur is, 'n harde en onverbiddelike man wat enigsins afskrikwekkend is. Mev. Pretorius noem hom selfs "'n geweldenaar"' en die woord "verskriklik" word meermale gebruik om hom te tipeer. Hy dring daarop aan dat almal, selfs Pretorius, voor die wet moet buig. Maar Kruger het tog ook sekere eienskappe wat hom meer menslik en simpatiek maak. Hy beklemtoon dit dat alle mense sondig is, maar hy sluit homself ook daaronder in en erken dat daar aan sy kant ook foute gemaak kon gewees het. Hy is self ook bereid om voor die wet te buig. Hy besef die vreeslike implikasies van sy optrede en dit raak hom diep. Dit is opvallend dat, wanneer hy uiteindelik die bevel gee om op Viljoen se mense te skiet, hy tot driekeer toe die woord "verskriklik" gebruik en eindelijk ook teenoor tant Lena erken: "Dit is iets verskrikliks, Tante, wat die Here op my gelê het." Hy smeek ook: "Wees my genadig, Here. Dat ek dit moes doen..." By dit alles bly hy egter oortuig dat hy geroepe was om so op te tree en hy is nie bereid om 'n tree van sy koers af te wyk nie. Antonissen beweer dat ons hier 'n oorvereenvoudiging van die wetsidee kry — "sivisme" noem hy dit — en 'n mens moet hom seker gelyk gee dat hier geen verwickelde probleemstelling is nie.⁴ Miskien kan daar ter verdediging aangevoer word dat in dié bepaalde historiese omstandighede so 'n standpunt gestel moes word en dat Kruger tog meer van 'n dramatiese figuur is as wat hy wil toegee. Die didaktiese strekking van die stuk is egter wel 'n bietjie te opsigtelik.

'n Mens kan jou moeilik 'n groter kontras voorstel as dié tussen Kruger en Gerardo de Torres uit *Dagboek van 'n soldaat*. Hierdie hoorspel beskou ek nie as besonder geslaag nie, veral omdat die eerste helfte baie staties is en grotendeels bestaan uit 'n aantal versnipperde toneeltjies met 'n menigte byklanke wat vir die luisteraar baie irriterend kan wees. Verder is die slot ook nie baie oortuigend nie. Daarteenoor moet gestel word dat die ontwikkeling van die hooffiguur geweldig boeiend is. Tot by die punt waar genl. Alonso weerwraakmaatreëls teen die bevolking van die besette stad aankondig, verander daar nie veel by Gerardo nie, maar daar word 'n goeie indruk van sy geesteshouding gegee. Hy is vol jeugdige idealisme en geloof in die regverdigheid van hul saak. Daaroor bestaan daar by hom geen twyfel nie. Ons vind gedurig die kontras tussen die skoonheid van hul saak en die vuilheid van die vyand. Vir Lobos sê hy: "Jy kan die massas opsweep deur vir hulle hemel op aarde te belowe; ons was te eerlik om dit te doen. En waarom moes ons eerlik wees? Jy het jou helpers gekies sonder om te vra of hulle hande vuil is of skoon: en met sulke metodes het jy die mag in die hande gekry." Van homself sê hy ook: "Ek is skoon: ek is aan niemand verbind nie". Hy het 'n geweldige bewondering vir hul manne wat swak bewapen, bang vir die dood, maar tog oneindig dapper is. Gerardo het ook insig in sosiale omstandighede en is eerlik genoeg om te erken dat die bewind van vóór die tirannie onregverdig was: "Ons hoër stand was te ryk!" Daardie fout moet nie herhaal word nie. Hulle moet vryheid en geluk vir almal bring.

Dit is die geesteshouding wat Gerardo dwarsdeur die eerste gedeelte van die drama handhaaf. Daar is net 'n paar aanduidings van die probleme wat hy later sal ondervind. Gerardo is so oortuig van die regverdigheid van hul saak dat hy glad nie kan verstaan dat sy vader gesê het nie: "Ons moet leer

om nie aan onself te glo nie." Ook Maria se geloof is iets wat hy nie kan begryp nie en wat hom 'n bietjie hinder. Die eerste aanduiding van 'n minder idealistiese standpunt word gegee deur majoor Eduardo wat ontsteld is omdat alles so geïmproviseer is: "Teen vuilgoed, kapt. Gerardo, moet 'n mens vuiler wees". Dit is ironies dat juis hý later saam teen Alonso se *vuil* metodes protesteer. Wat Gerardo die grootste skok gee, is die aankondiging dat sy vader gearresteer en vermoedelik gemartel is. Nou kry ons die eerste aanduiding van 'n neiging tot gewelddadigheid by hom: "Ek sou hulle kon martel, dié wat vir jou gevang het. Ek sou vir Lobos met my eie hande aan sy vuil keel wou wurg".

Nadat genl. Alonso aangekondig het dat hy die bevolking van die stad as gyselaars sal beskou en die lede van Lobos se party stelselmatig sal laat teregstel as vergelding vir Lobos se aanvalle, kry ons 'n snelle ontwikkeling by Gerardo. Vir die eerste keer kan hy hulle party nie meer as onberispelik beskou nie: "Ons sal voortaan moordenaars word." Maar hoewel hy verontwaardig is, weeg die eed van trou aan genl. Alonso nog die swaarste by hom en hy sien nie kans om ongehoorsaam te wees nie. Teenoor Maria probeer hy selfs Alonso se optrede verdedig. Dan gaan hy openhartig met sy bevelvoerder praat. Gerardo hou nog daaraan vas dat hulle saak skoon moet wees: "Generaal, ek kan enigiets doen, en enigiets ly, as ek weet dis vir 'n skoon saak". "En ek het met u kom praat om *ons hande skóón* te hou...." Maar genl. Alonso aanvaar openlik dat skoon en vuil nie meer onderskei kan word nie, en dat geweld alleen met geweld beveg kan word: "Ek het afsku in myself vir wat vuil is — *maar; ek sal die vuil ding doen* as dit moet; en ek sal ander daartoe *dwing* as dit moet." Met die teregstellings word hierdie verandering van vuil en skoon al hoe opvallender. By die eerste teregstelling roep 'n stem uit die volk: "Vullis," en majoor Eduardo stem saam: "Vullis: jy; ek, Gerardo." Terwyl sy moeder nog van die vyand praat as "vuilgoed", moet Gerardo erken: "Moeder, ek was *by*. En ek is nou vuilgoed." Dit lei tot die eerste tekens van verzet by hom; hy gaan vir majoor Eduardo sê dat hy teen genl. Alonso wil optree, maar hy weet nog nie presies wat om te doen nie. As hy met Maria praat, kan hy ook nie mooi verstaan watter soort verzet sy in gedagte het nie: "Weet jy...met jou liggaam iets doen — sêlf doen.."

Daar kom egter 'n skielike ommekeer by Gerardo wanneer daar aangekondig word dat sy vader tereggestel is. Sy eerste reaksie is verstaanbaar. Hy roep om wraak: "Waarom mag ons hulle nie ook haat nie, Maria? Die wêreld skoonmaak van hulle haat nie?" Maar daar kom nog 'n onverwagte onthulling: Maria vertel dat sy vader op haar verlief was. Vir Gerardo is dit 'n groot skok en hy begin dadelik die ergste oor hul verhouding vermoed. Hy verloor alle geloof in die suiwerheid van Maria en sy vader, en ook van die hele menslike geslag: "Dan is al wat mens is, vuil". Met een slag is al sy idealisme daarmee heen en hy stem saam met Alonso: "As *alles* vullis, nastergal is, wil ek ten minste bobaas wees oor die vuiles".

Hy steun nou die teregstellings en neem self deel aan weerwraakmaatreëls. Die uitbeelding van hierdie ommeswaai by Gerardo is nie baie oortuigend nie. Daar was wel vroeër die neiging tot geweld by hom, maar hierdie onvoorwaardelike steun vir geweld is nie uitvoerig genoeg gemotiveer om aanneemlik te wees nie. Die motief van 'n liefdesverhouding tussen sy vader en Maria is ook te onvoorbereid en te afgesaag om so 'n totale ommekeer by hom te verklaar.

Uiteindelik is dit Maria se vrywillige dood voor die vuurpeloton wat Gerardo tot sy sinne bring. Sy eerste reaksie is weer verstaanbaar: Alonso het haar vermoor. Ek sal hóm vermoor." Maar hy besef dadelik daarna dat Maria nie dít wou gehad het nie. Hy mag nie geweld gebruik nie: "Klaar is alles wat nie liefde is nie." Hy moet soos sy met sy liggaam iets doen: "Dit moet 'n persoonlike waagstuk wees." Hy haal eers sy eie peloton, en daarna ook majoor Eduardo s'n, oor om aan genl. Alonso se bevel ongehoorsaam te wees. Die situasie word nou uiters verwickeld as hulle na hul opperbevelhebber marsjeer om hul besluit aan hom mee te deel. Maar dan bring die los skoot wat Alonso tref, 'n gelukkige einde wat nie bevredig nie en niks oplos nie. 'n Mens kan saamstem met André Brink se beswaar "dat die stuk, nogal op die model van *Germanicus*, in die rigting van verbysterende kompleksiteit beweeg wanneer Gerardo teen sy generaal in opstand kom — en dan op amper ongelooflike wyse vervlak tot 'n 'happy ending'"⁵) Dit is jammer dat Gerardo se ontwikkeling nie verder gevoer kon gewees het nie, maar dit bly nietemin 'n baie insiggewende studie van die wyse waarop 'n held gevorm word.

Die vreemdste karakter onder die aanspraakmakers op heldedom in Louw se dramas is ongetwyfeld Louis Girod uit die hoorspel *Die held*. Hy is 'n man wat skynbaar geen hoë ideale het nie. Vanaf sy kinderdae was hy 'n dief en 'n bullebak, en al gou is hy op 'n aanklag van inbraak skuldig bevind. Na sy ontslag het hy met nog groter haat en bitterheid sy loopbaan as misdadiger voortgesit. Selfs toe hy werklik verlief geraak en getrou het, het hy nie die morele moed gehad om sy lewe te hervorm nie. Hy het net nie kans gesien om nou as gewone arbeider sy geld te verdien nie, en het nog boonop die skyn van ordentlikheid aan sy misdadige bedrywighede probeer gee. Hy het selfs nie geskroom om voor te gee dat hy besig is met versetswerk nie.

Louis het dus geen enkele eienskap wat 'n mens met 'n held assosieer nie. Maar dit is tog nie onmoontlik dat so 'n man in 'n krisisoomblik onverwagte deugde kan toon en 'n heldedaad verrig nie. Die problematiese by Girod is egter dat hy geen heldedaad verrig nie. Deur 'n toevallige sameloop van omstandighede probeer hy inbreek by 'n huis waar die Duitsers 'n groep samesweerders inwag en so word hy per abuis as versetstryder gearrester. Hy het dus niks meer as die valse skyn van 'n held te wees nie. Die merkwaardige is nou dat Louis verkies om hierdie skyn te bewaar en selfs bereid is om daarvoor te sterf. Dit is 'n handelwyse wat vir die gewone mens heeltemal onsinnig en selfs oneties is. Dr. Ménard stel dit baie duidelik aan hom: "Jy gaan sterf, Louis, net omdat jy te bang is vir wat die wêreld van jou sal dink." Dit blyk nou dat Louis tog ideale het, dat daar tog iets is waaraan hy baie waarde heg, nl. die agting van sy vrou en die goeie naam wat hy aan sy kinders wil nalaat.

Moet so 'n persoon nou as held beskou word? Normaalweg sou ons glad nie eers daaraan dink nie. Dr. Ménard gee ook nie vir ons 'n duidelike antwoord nie; hy laat die vraag oop, maar suggereer tog beslis 'n positiewe antwoord: "Die heldedom, so lyk dit my, is, soos van die heiligheid gesê word: 'n vreemde ingewikkelde ding". André Brink sê tereg: "Hier kom die Nuwe Drama se beheptheid met die relatiewe tot 'n hoogtepunt."⁶)

Dit is weer eens besonder opvallend in die gebruik van die term "vuil". As Louis se vrou hom in die tronk besoek, praat sy van die Duitsers as "vuilgoed, vieslike vuilgoed", en hy vra aan haar: "Ek is nie vuilgoed nie, nè

Jeanne?" Maar as hy later aan dr. Ménard die waarheid vertel, gebruik hy wel hierdie woord van homself: "Ek was 'n straatrot vandat ek klein was. Verstaan jy: 'n rot; skuim; slym; vuilgoed!" Die ander versetsmanne wou niks met hom te doen hê nie: "Ek was vuilgoed. Hulle wou my nie vertrou nie." Maar nou dat hy besluit het om te sterf, hoop hy tog dat dit sal verander: "'n Dief kan ook goed wees...nie vieslik nie." Ook T.T. Cloete wys op die kompleksiteit van hierdie kort spel: "Nie net die kwessie van die heldedom is.....'n kompleksiteit nie, nee die hele dramatiese gedagtegang (soos die handeling), is 'n kompleksiteit...dit gaan in die drama om die kompleksiteit van die mens as sodanig."⁷⁾ Met reg kan André Brink die vraag stel of *Die held* nie dalk die beste hoorspel in Afrikaans is nie.

Nou kom ons by die helde wat op groter skaal geteken is. Van hulle word Dias aanvanklik met feitlik al die eienskappe van die tradisionele held uitgebeeld. Hy is 'n man wat vergesigte het oor wat hy kan bereik, want hy is bewus van die moontlikhede van sy tyd en van die ontdekkings wat gemaak kan word. Dit bly ook nie net by ideale nie. Hy het die moed om groot waagstukke te onderneem en wil in een sprong die hele pad na Indië aflê; hy praat eintlik 'n bietjie minagend van die pogings van sy voorgangers:

"maar nou gaan daar gestraal word om dié kus
met vuur, soos 'n komeet wat in een nag
sy swaard laat kantel deur die ronde lug!"

Soos 'n tipiese held wil hy altyd eerste wees; hy kan selfs nie eens verdra dat Infante vóór hulle vaar nie:

"Laat hulle volg! Ek moet die eerste wees!
Altyd wil ek op die voorpunt staan!"

Hy wil roem behaal sodat hy nie vergeet sal word nie: "En my naam — sal dan nie sterf nie." Dias is ook ongeduldig omdat hy moet wag en deur minderwaardiges opgehou word:

"Ek kan nie lieg nie:
ek moet dwars inslaan teen wat dom of laf
en minderwaardig is."

Uit hierdie woorde is dit alreeds duidelik dat Dias oormoedig is en geyg om op sy medemens neer te sien. Hy erken self later:

"En hoe onmatig
eers tog, was ek in begeerte; onmatig
in hoom vir dié wat minder kon of wou."

Eindelik is hy ook vas oortuig dat hy deur God geroep is om hierdie ontdekkingstaak uit te voer.

Ten spyte van al sy selfversekerdheid is Dias blootgestel aan aanvalle van twyfel. Dit is veral duidelik in die toneel wat hom ná die storm afspeel. Hy het dit gesien as 'n verbete worsteling tussen hom en die kus:

"Ek het hom weer gegryp: my harde vyand,
Hierdie kus wat been-wit van die dood is;
hy wat wou wegvlug uit ons worsteling.
Ons hét mekaar weer. Hy of ek sal breek."

Hy vra God selfs om vergiffenis dat hy ooit aan sy geroepenheid getwyfel het. Antonissen sê tereg: "Dias se sekerheid het gewankel; soos alle geroepenes minstens een maal, het hy aan God gewanhoop."⁸⁾ Nadat hulle land bereik het, lyk dit of alles weer reg is, maar daar is 'n baie duidelike aanduiding van die verwydering tussen Dias en sy manne; hy het hulle nie met

hom saamgeneem in die hoë vlugte van sy geesdrif nie en dit sou nog noodlottig vir hom wees.

Nou moet Dias leer dat sy heroïese eienskappe nie voldoende is om die groot taak deur te voer waarop hy sy hart gesit het nie. Die krisis kom in die derde bedryf waar die besef by hom tuisgebring word dat sy werk van mense afhanklik is en dat dit hom nederig moes gehou het:

“My werk is deur die lot verstrekk met mense.

Ek staan nie los. Niks kan ek doen alleen.

En ‘menslik’ is — al dink ons aan adel en beeld van God —: verwardheid, vrees, nyd, dwarsheid van denk, selfsug, aparte paaie...

Dit is ons straf. Dit moet ons nederig hou

ná te veel trots.”

Eers verset hy hom hartstogtelik teen die gedagte dat minderwaardige mense sy lewenswerk gaan verydel: “nie hierdie lawwes gaan my inkeer bring nie.” Hy wil hom selfs met ’n eed bind, maar Pedro keer hom en hy vra vergiffenis vir die trots waarmee hy hom verhef het. So maklik gee Dias egter nie in nie; hy gebruik juis die skyn van oorgawe om nog ’n laaste toegewing van sy manne af te dwing, en die tog gaan voort. Deur hierdie episode word die halsstarrigheid van die tipiese held weer eens geïllustreer.

Eindelik, in die vierde toneel, moet Dias sy neerlaag aanvaar en erken dat hy nie vir hierdie taak bestem was nie. Dit was die teken waarop hy gewag het:

“Pedro, ék was nie vir hierdie vaart bestem nie, ek nie, Pedro...

van my, van my wou hy die werk nie hê nie.”

Die hele toneel is gedemp, sonder die opwinding en hartstog van die vorige toneel, maar die tragiek is daarom nie minder aangrypend nie:

“So lyk ’n einde dan, Infante:

still, byna soos ’n vrede: sonder gebaar, sonder dat helde breek, en sonder sterwe.”

Al het Dias aanvaar dat hy nie bestem was om verder te vaar nie, is dit vir hom ná jare nog steeds ’n bittere gedagte dat hy nie die taak waardig geag was wat andere wel verrig nie. Sy heldedom was nie goed genoeg nie:

“Tets moes onrein aan my gewees het,

iets in my hart was voos of dun en laf.”

Hy erken nou sy foute: hy was onmatig en trots en sy gebed was onsuiver, want dit het net om homself gedraai. Maar hy is nog nie heeltemal tevrede nie, want sy lewe maak vir hom nie sin nie. In sy sterwensuur kom hy eindelijk tot insig en besef dat hy op ’n ander manier voltooiing gevind het as wat hy hom dit voorgestel het. Hy is nou volkome gesuiver en “uit die kern geryp”; hy het ’n groot taak verrig waarvan hy die betekenis nog maar vaag vermoed. In hierdie hoorspel vind ons dus ’n merkwaardige ontwikkeling van ’n meer konvensionele na ’n dieper, ryker en suiwerder heldedom.

Voordat ek by die bespreking van *Germanicus* kom, wil ek eers kortliks na twee opstelle van Louw verwys. Die eerste is “’n Lewenshouding vir ’n moderne mens” uit die bundel *Lojale verset*, waar “moderne mens” feitlik gelyk gestel kan word aan “intellektuele mens”. Louw skilder daarin die moeilike situasie van die moderne mens te midde van die groot magsbewegings van sy tyd wat van hom eis dat hy tussen eenvoudige leuses moet kies: “En juis omdat hulle met groot getalle en hoeveelhede werk, wil hulle

nie die fynheid en voortvlugtige presiesheid soek wat kenmerk van die gees se strewe is nie." Die moderne mens vind dit moeilik om finaal tussen die groot ideologiese stelsels te kies omdat elkeen groot brokke waarheid in hom verborge het. Eintlik is die moderne mens magteloos teen hierdie magsbewegings, maar hy moet hom tog op een of ander manier verset: "Maar die mens kan ten minste regop staan en helder kyk...Jy kan 'n kern van verset lewendig hou binne die almag rond-en-om." Dit is baie belangrik dat die moderne mens iets doen om sy ideale te bevorder, al kan hy ook daardeur sy suiwerheid verloor: "Elke ideaal word onsuier as hy in die werklikheid ingaan, maar dit is al iets gewonne as hy nie net *ideaal* meer wil bly nie om só sy suiwerheid te bewaar." Selfs al sit hy stil, beteken dit tog dat hy lankal na die een of ander kant 'n beslissing neem: "Van die daad sal hy nie verskoon bly nie, selfs al doen hy niks." Maar as hy hom in die stryd begewe, moet hy daarteen waak om te veel binne die volk te staan en moet hy probeer om sy innerlike suiwerheid te bewaar: "Maar binne alle geloof, binne die hartstogtelik op die spel sit van alles wat hy het, moet hy 'n klein kamertjie van eie stilte bewaar: van suiwer dink en skoonheid, van enkele onaantasbare waardes." Die aanrakingspunte met *Germanicus* is in die oog lopend, maar die klem val sterker op die noodsaaklikheid van daadwerklike optrede. In 'n latere opstel "Kultuur en krisis" uit die bundel *Liberale nasionalisme* is daar egter 'n effense aksentverskuiwing te bespeur. Daar val die klem minder op die kragtige daad na buite en meer op die dink: "En ons elkeen (jy en ek en almal) moet ons ondersoek en leer watter dade ons geskik is om te doen." en ook: "Stil dink selfs is 'n daad wat magtig en oorrompend kan word. Niks-doen of liever; weier-om-te-doen, is self 'n daad."

Oor *Germanicus* is al so baie geskryf dat dit moeilik is om iets nuuts daarvoor te sê. Ek wil hier net op een aspek konsentreer, nl. op die vraag waarin sy heldedom bestaan. Al die kritici stem nie saam dat hy 'n tragiese held is nie, maar die meeste sou hom wel as held beskou. Op grond van watter eienskappe sou hy as held gereken kon word? Na my mening kan 'n mens hom as die intellektuele held by uitstek beskou. As denker staan hy alleen teenoor die groot magsbewegings van sy tyd en weier om hom deur hulle te laat meesleur; hy wil nie gedwing word om tussen hulle te kies nie. Dit is alreeds duidelik uit sy houding teenoor die soldate. Die Derde Soldaat praat taamlik minagtend van hom:

"Germanicus moet kies;
die fyn jong veldheer moet iets doen..of trap."

Germanicus weier beslis om so behandel te word:

"Eer ek my in triomf laat stad toe sleep
om die pop van komediante, vrygemaaktes
en uittand-veterane daar te wees,
vat ek my eie swaard..."

Hy weier ook om te kies tussen die groot partye van sy tyd, die republikeine en die imperialiste. Met die republikeine het hy die meeste simpatie, en vir 'n lang tyd het hy met hulle saamgewerk. Hul ideale is egter te eng en sou net vir 'n klein deel van die Ryk se bevolking geregtigheid bring:

"Jy meen nog dat die wêreld wyd is, Piso;
dat jy self helder en eenvoudig is
en ou-Romeins. Maar glo my dit is eng, dis om te stik.."

Vir hom is "Romein" nie die laaste woord nie.

Hoewel Germanicus teen die keiserlike regering gekant is, is hy ruimhartig genoeg om te erken dat dit ook goeie eienskappe het. Hy het self in diens van hierdie regering geveg:

“ek het geveg om die vrede van ons Ryk
wyer en groots te maak, dat hy sy seën
oor die ronde aarde uit kan strek”.

In 'n openhartige oomblik in sy gesprek met Tiberius moet hy selfs erken dat die republiek tog nie herstel kon word nie, omdat dit geen verbetering sou wees nie:

“Ek wil nie, Caesar, vra:

‘Herstel die vryheid’ — dié het ons verbeur;
ons vryheid was wreed en roekeloos vir die minderes.”

Maar met die wyse waarop die orde en vrede in die Ryk gehandhaaf word, kan hy hom nie vereenselwig nie.

Germanicus het wel deeglik sy eie ideaal vir die Ryk, nl. dat almal hul menslikheid ten volle moet kan verwesenlik; sy groot beswaar teen die keiserlike regering is juis dat dit “al die menslikheid omknel.” Maar hy het vir homself geen duidelikheid oor hoe hierdie ideaal bereik moet word nie. Teenoor Tiberius erken hy dat sy woord “vaag en ondeurdink” is:

“maar ek tas, ek weet nie hoe na 'n helderheid
na iets so heerlik wat die Ryk kan word.”

En aan Piso sê hy:

“Ek voel-voel na iets nuuts in die gemors..
ek sien iets nuuts, iets menslik êrens skemer..”

Solank hy nie sekerheid het oor wat hy moet doen nie, wil hy nie optree nie.

In die eerste gedeelte van die drama staan Germanicus veral voor die probleem dat hy geen mag het om toestande in die Ryk te verander nie. Hy moet dus besluit of dit geoorloof is om die mag te gryp:

“Ek weet ek het geen mag om reg te doen
voordat ek alle mag geneem het.”

Maar die oortuiging vat al hoe sterker by hom pos dat die omstandighede in die Ryk van so 'n aard is dat dit niks sou baat nie. Hy sou die toestand net erger maak en homself ook afbreek:

“Wie dán wil heers, woed later teen homselwe..
sou hy deur die waansin waad,
van reg tot reg deur onreg en verskrikking
struikel!”

Germanicus sien dus nie kans om geweld te gebruik om die reg te probeer herstel nie. Daarom weier hy uiteindelik om kragdadig op te tree. Die uitspraak uit “Kultuur en krisis” is hier baie toepaslik: “En ons elkeen... moet ons ondersoek en leer watter dade ons geskik is om te doen.”

Maar nadat hy tot hierdie besluit gekom het, bly Germanicus nie onaktief nie. Daar word dikwels die indruk geskep dat hy ná die vierde toneel heeltemal passief is en geen doel meer het waarna hy strewende is. Hy het wel besluit dat hy nie kragdadig in die situasie gaan ingryp nie, maar hy probeer nog steeds om sy ideale van menslikheid en billikheid vir almal op ander maniere te bevorder. Een van sy kragtigste pogings vind ons in sy gesprek met Tiberius as hy hom probeer oorhaal om die Ryk te hervorm:

“Gryp eenmaal toe, breek hierdie vorm en aard,
knee, knee die magtige Ryk met al sy volke

en maak daar mense van; laat hierdie vrees
waarmee elkeen geknelter loop, verdwyn;
laat niemand luister, loer, rondsluip, verklik;
breek die ou haat..."

Hierdie grootse poging misluk, maar ook in Sirië doen Germanicus sy bes om sy ideale hoog te hou, al is hy reeds siek en moedeloos. Daarom wys hy Piso tereg as hy en sy offisiere hul bondgenote beledig, en hy doen dit om die hoogste eer van Rome te red. Aan Piso sê hy later:

"So lank as ek
die mag het, sal die billikheid 'n kern,
miskien 'n kern, klein byna onsigbaar,
en tog 'n kern bly in die geweld."

Dit herinner sterk aan Louw se raad aan die moderne mens: "Jy kan 'n kern van verset lewendig hou binne die almag rond-en-om." Germanicus hou dus aan om te stry vir sy ideale, en al is daar nie dadelik vrug op sy pogings te sien nie, help hy tog mee om die regte geesteklimaat te skep waarin die Christendom later triomfeer.

Daar is 'n neiging by kritici om Germanicus se sekerheid te oordryf en hom voor te stel as 'n figuur wat vol innerlike rus en sekerheid beweeg tussen die ander mense wat deur allerlei menslike hartstogte geteister word. Dit is wel waar dat van die ander karakters voel dat hulle nie heeltemal tot Germanicus kan deurdring nie, dat hy te ewewigtig vir hulle is, maar dit beteken nie dat hy bo menslike swakhede verheve is nie. Hy moet ook daarteen stry, soos dit in meer as een passasie tot uiting kom. Hy sê dat hy die vrees moet uithou, want anders sal dit hom terroriseer. Hy het ook die alte menslike begeerte na mag en eer:

"Het ek nie daad, oorwinning, eer, mag
soos drank voel opstoot deur my sinne nie
en droë-keel geword van die begeerte
meer as een dag!"

Tot die einde is daar by hom die twyfel of hy wel reg gekies het. In die slot-toneel is daar 'n mate van ontugtering by hom te bespeur:

"Ek sou ook kon begryp het....."

Ek was te helder.
'n Mens die moet ook modderig wees
as jy wil mens-wees — óf as jy wil heers...."

Germanicus is dus voortdurend aan geestelike en liggaamlike lyding bloot-gestel en dit lyk my onjuis om soos J.C. Kannemeyer te beweer: "En dit is juis hierdie omringende figure en nie Germanicus nie, wat die menslike lyding in die drama verteenwoordig." ⁹⁾ Al het hy meer insig as die meeste sterflinge, moet Germanicus soos alle mense sy stryd voer sonder volkome sekerheid oor wat die uiteinde sal wees. Hy is nog altyd mens soos ons almal en daarom kan sy heldedom ons aanspreek.

Ten slotte wil ek nog iets sê oor *Die pluimsaad waai ver*, 'n stuk wat gewoonlik onderskat word. Die opset van hierdie drama is 'n bietjie anders. Ek het tevore gesê dat ons dikwels by Louw vind dat die held teenoor ander mense gestel word — 'n groep, 'n massa of 'n volk. In die meeste gevalle val die klem grotendeels op die persoon van die held. Dit is veral so by Dias, maar geld ook in mindere of meerdere mate van Kruger, Gerardo en Germanicus. Hier is dit egter heel anders. Die volk speel 'n belangrike rol en is

sels belangriker as president Steyn. Die hooftema van hierdie drama is: Wat is 'n volk? Nietemin speel Steyn ook 'n prominente rol en is feitlik voortdurend op die toneel. 'n Mens moet hom dus ook onder Louw se helde tel.

Die volk word geteken as 'n baie gemengde groep wat uit goeies en slegtes, dapperes en lafhartigtes bestaan, en veral deur groot verdeeldheid gekenmerk word. Daarop wil ek nie hier ingaan nie. Teenoor hierdie volk word veral drie standpunte ingeneem. Grootvader Visser verklaar dat hulle geen volk is nie, slegs 'n versameling individue. Na sy mening is dit dus nie die moeite werd om hul onafhanklikheid ten alle koste te verdedig nie, want onder 'n Engelse regering sou hulle net so goed kon lewe. Jan Visser weer, stel baie hoë ideale aan sy volk en kan hul foute en swakhede net nie verdra nie. Uiteindelik verloor hy alle geloof in hul toekoms en verraai sy volk. Laastens is daar 'n groep wat die volk se swakhede ten volle besef, maar tog nie die geloof verloor nie aan die volk trou bly, soos genl. De Wet en veral Steyn.

Hy word in die eerste plek gesien as 'n man met besondere intellektuele vermoëns. Dit blyk veral uit Pieter se woord: "En ek het begin voel: hier is 'n nuwe soort Afrikaner. Nie net plat Boer, soos ons sê nie ... waarom moet 'n Boer plat wees, waarom? Nie net eenvoudig, gelowig, sterk, aartsvaderlik nie — laat ek uitpraat! Ek het gevoel: hier het die Afrikaner wýsheid geword en intellek; gelyk of bo die Engelse se bestes, geskaafd." Verder word beklemtoon dat hy nie blind is vir die volk se foute nie; veral hul verdeeldheid teken hy baie skerp:

"Ons lyk as volk vir onenigheid gebore;
en nie net verskille van pro en kontra nie,
nee, maar met klówe van onenigheid, afgronde.."

Dit ontmoedig hom egter nie, maar maak hom net meer vasberade om sy taak as leier uit te voer, hoe moeilik dit ook al is:

"Ek moet bind, ek moet my mense bind —
eers aanmekaar, ek moet my mende bind —
en dit is 'n eensaam iets, dié bind,
dié probeer bind."

Die opvallendste kenmerk van Steyn is seker sy diepe besef van sy verantwoordelikheid. In die loop van die drama verrig hy geen groot krygsdade nie, maar dit is hy wat keer op keer beslissings moet neem wat vir sy volk van lewensbelang is. En hierdie beslissings neem hy nie maklik nie. Dit kwel hom dat hy, wat eintlik buite die militêre stryd staan, van sy volk soveel opofferings moet vra. Veral nadat Bloemfontein ingeneem is, gaan hy 'n bittere sielestryd deur: "Ek is die hoof. Ek veg self nie. As daar moet ingestorm word in die koeëls, dan is dit julle wat instorm; julle wat doodgeskiet word... Sê julle vir my. Sê vir my. Hoeveel kan ek van die volk eis?" Steyn is hier natuurlik te beskeie, want hy is wel aan persoonlike gevare blootgestel, soos sy noue ontcoming later in hierdie gedeelte bewys. Tereg sê genl. De Wet: "Jy, President, is in die vuurlinie voortaan." Nietemin lê sy groot belangrikheid in sy mag tot beslissings.

En al kos hierdie beslissings hom baie stryd en wroeging, deins hy nie daarvoor terug nie, selfs al moet hy 'n landgenoot ter dood veroordeel. Hy toon dwarsdeur die drama 'n groot beslistheid en is gewillig om radikale besluite te neem as hy van die wenslikheid daarvan oortuig is. So steun hy genl. De Wet se nuwe metodes van oorlogvoering. 'n Mens kan teen die einde

van die drama selfs van 'n sekere hardnekkigheid by hom praat as hy weier om enige aandeel aan vredesonderhandelinge te hê, al is die militêre posisie ook hoe hopeloos. Hier kan die toeskouer wel van Steyn verskil, maar dit sal nie afbreuk doen aan sy bewondering vir 'n man wat so taai kan vashou aan wat hy as reg beskou nie. En by dit alles bid hy nog dat die bitterheid hom nie moet oorweldig nie.

Met hierdie voorbeelde het ek 'n indruk van Van Wyk Louw se siening van die heldedom probeer gee. Hy probeer volkome eerlik wees en toon die foute van sy helde duidelik aan. Maar tog vind ons in sy dramas die vaste oortuiging dat daar, ten spyte van sy onvolmaaktheid en magteloosheid of miskien juis dáárdeur, nog steeds heroïese eienskappe by sekere mense te vind is en dat hulle ons bewondering verdien.

- (1) *Aspekte van die nuwe drama*, Pretoria/Kaapstad, 1974, p. 108.
- (2) *Liberale nasionalisme*, Kaapstad, 1958, bl. 44.
- (3) *Ibid.*, bl. 117.
- (4) *Spitsberaad*, Kaapstad, s.j., bl. 136.
- (5) a.w., bl. 130.
- (6) a.w., bl. 131.
- (7) *Koers*, Mei-Junie 1962.
- (8) *Kern en tooi*, Kaapstad, s.j., bl. 10.
- (9) *Opstelle oor die Afrikaanse drama*, Pretoria/Kaapstad, 1970, bl. 109.

GEDAGTEWISSELING OOR KRONIEK VAN PERDEPOORT

Van die skryfster T.C. Pienaar het die redaksie 'n artikel onder die opskrif *Erosie*, gedateer 16 April 1976 ontvang, waarin bepaalde bedenkinge oor Anna M. Louw se roman *Kroniek van Perdepoort* geopper is:

Ek het maar onlangs eers die boek KRONIEK VAN PERDEPOORT van Anna M. Louw onder oë gekry. Nadat ek dit deurgelees het, was my hele wese in verset. Ek wou maar net nie glo dat so 'n boek wat aangebied word as 'n "wesentlike werklikheid soos dit nog selde tevore in die Afrikaanse romankuns vorm gekry het", waar is, dat daar 'n siener onder ons is vir wie die lewe so futiel geword het. En dit 'n vrou.

Weliswaar het die wyse Prediker in die Bybel gesê: "Dis alles 'n gejaag na wind", maar die slotsom waartoe sy wysheid hom gelei het was tog: "Vrees God en hou sy Gebooie; want dit is die hele mens."

As motto vir die boek kies die skryfster Rom. 7:13: "Het die goeie dan vir my die dood geword? Dit, tog nie! Maar wel die sonde..."

Die tweede hoeksteen van haar tema is die woorde van Dame Julian of Norwich: "It behoved that there should be sin, but all shall be well..."

Meesterlik en absoluut oortuigend beskryf sy die woekering van die sonde in die mens — só realisties dat jy daarvan walg. Sy illustreer 'n sondedood soos dit seker nog nie in die Afrikaanse letterkunde gedoen is nie. Selfs die onontbeerlikheid van die sonde uit die tweede hoeksteen van haar tema, weef sy soos 'n swart draad deur haar patroon. Maar die goue draad van geloof in die drie woorde "*Dit tog nie!*" en in die "all shall be well" ignoreer sy — of sy begryp dit nie. Jammer tog, want dit is juis dié goue draad wat haar weefstuk tot ware "groot kuns" sou verhef het, wat die boek na die stembus vir beste romans kon gedra het. Ook ter wille van ons letterkunde is dit 'n baie groot jammerte, want veral in hierdie tyd van verwarring is daar 'n groot behoefte aan 'n erkende kunswerk wat 'n lig voor in die wapad kan wees.

'n Mens wonder wat die skryfster genoop het om hierdie groot moontlikheid in die worstelstroom van futiliteit te laat beland. Is dit miskien die vroulike swakheid om in die mode te wil wees en soos die mans 'n gerafelde denimbreek te dra? Of die ambisie om 'n werk van "wêreldformaat" te wou skep?

Dan het sy 'n boemerang hanteer.

Die tema wat sy gekies het is een van die wesentlikste in die mens se bestaan en vir balans in die uitbou daarvan is *Geloof* nodig.

Maar haar God is dood.

Soms voel 'n mens die skryfster aan as 'n koue, objektiewe toeskouer, maar al te dikwels ervaar die leser haar as 'n sadis wat 'n wrede genot daaruit put om haar karakters genadeloos tot die uiterste toe in die moeras van hul sonde vas te trap — vgl. waar Chris uiteindelik die neerlaag deur sy wellus ly, toe hy agterna soos dood op die gras lê en sy sê: "uitgeput of dood. En God ook. Sy hel is ysig koud en verlate." Tereg sê Bartho Smit in *Rapport*: "Die seksuele het hier gelei tot die grootste dieptes van afsku wat nog in Afrikaans te boek gestel is." Met dáárdie afsku in homself laat Anna M. Louw Chris

genadeloos, soos dood op die gras lê. Dit is die leser se laaste sien van die aspirant-predikant.

Ons Afrikaners bely tog vergifnis van sonde en die *opstanding van die vlees*. As Chris daar opgestaan het uit sy sondedood en in die koue hel van sy verlatenheid na die vergewende hand van die Verlosser wat elkeen wat glo, van sy sondes verlos, gereik het, sou hy mos net die regte karakter gewees het om Paulus se stelling: "Dit tog nie!" te bewys. By Paulus gaan dit tog om die *stryd* tussen die "vlees" en die "gees" en die redding van "geloof". Maar Anna M. Louw sê die modewoord: "En God ook". En met daardie drie woorde gooi sy die visie van 'n Christen in die wind en spring in die donker stroom van erosie wat dit wat heilig en edel in die mens is, ontken, 'n Godgegewe talent misbruik om vasgeankerde beskouings oor Godsdienst, respek vir die heiligheid van die liggaam — die tempel van God — en die veredeling van die seksinstelling te fusilleer.

Sonder die *geloof* word die uitdaging van 'n karakter wat insinuer dat die Groot Regisseur van menseleuens 'n *bleddie fool* is, onverantwoord gebruik. Hierdie illustrasie van die klimaks van sonde bly in die lug hang. Maar die implementering van Paulus se stelling "*Dit tog nie!*" mag die kuns dalk verlaag tot didaktiek.

Daar is die afsluiting: Die eeue-oue stryd tussen goed en kwaad kulmineer in Anna M. Louw se miniatuur-wêreldjie in 'n waas van twyfel en onsekerheid met die duiwel aan die woord. Die laaste wat 'n mens van die arme Lotriets verneem is 'n redenasie oor die tema tussen Klaas en Beëlsebul. Of die ou duiwel uiteindelik die oorhand gekry het, bly 'n raaisel (want definitiewe standpunte is mos uit die mode). Vir my lyk dit wel so want "n opgedêmmette bloedsomloop" is Klaas se erfenis.

Skaars is die arme man ontugter uit sy nagmerrie-worsteling, dan bevind hy hom in 'n gewettigde seks-eksposisie waarna die leser die intiemste besonderhede te aanskou kry. Die subtile hantering van die aksie verhoog net die banaliteit daarvan. (Maar dit móét banaal wees). Daar is geen sprake van behoudende emosies nie, want Klaas vlug stillertjies uit die bed eer Annie dalk wakker word en weer oor *liefde* gaan praat.

Die simboliek in hierdie slot is skokkend omdat dit vals is.

Dis nie 'n Afrikaanse werklikheid nie.

Al word die huwelik uit baie rigtings met papierbomme gesaboteer, dit het nog nie in die donker stroom van erosie beland nie. Die ruik wat die ontploffing afgee, is wel onplesierig, maar dit sal nimmer die fondament van die oudste Goddelike instelling kraak nie.

Wat help dit as 'n mens 'n bewonderingswaardige vermoë ontvang het om die lewenswerklikhede oop — te — skryf, om die sêkrag van jou woorde so te laai dat jy hulle met 'n benydenswaardige ekonomie kan inspan, as jy die leser laat skadely aan sy siel?

Graag wil ek van **redaksionele kant** by die voorgaande 'n paar sake aanmerk:

— Is dit nie ter sake, vir die Christen-leser, dat die sonde vir hom só beskryf word dat hy daarvan walg nie?

— Die uitbeelding van die vervallenheid van die karakters wys daarop dat God (miskien) *vir hulle* dood is, maar dit beteken nie dat God *vir die verteller*

dood is nie. Daar is ook karakters soos Koos Nek, wat in sy ouderdom 'n toonbeeld van geloof is; en die dominee op die dorp, wie se preek (heel vroeg in die roman, bl.8—10) een van die vernaamste sleutels is tot die vertolking van die roman. In dié preek sê hy o.a. "dat die mens van ons tyd die laaste bitter vrug aan die pluk was — die traagheid van gees, die *acedia*: 'n sondige toestand van die siel waarin alles sonder betekenis word, wanneer God vir die mens dood is en hy alleen op aarde gelaat is" (bl.9). Let wel: die leser word pertinent meegedeel dat hierdie traagheid van gees 'n *sondige toestand* is.

— Byna teen die einde van die roman (bl.243—248) kry die leser 'n geleentheid om iets van Chris se stryd met homself mee te maak, in 'n gesprek met Klaas, waarin ook Klaas se probleme nader verduidelik word. Hierdie soort verduideliking, wat by elke karakter plaasvind, het tog dié funksie dat dit ook die leser se deernis en begrip vir die karakters wek?

— Wat die leser *ten eerste* van die Lotriets verneem (en dit is gesê, volgens die a-chronologiese opset van die boek, nadat die karakters een en almal al hul wildheid, hul sondigheid getoon het), is, weer in die woorde van die dominee (bl. 6): "Maar telkens moes hy terugkeer in die raaiselagtige opdrag om nie te oordeel nie... Weer eens het hy besef dat die verborgenisse van die menslike natuur veel dieper lê as wat hy dit moontlik vind om te peil."

— Klaas se sondige toestand, sy liefdeloosheid, sy traagheid van gees, is skokkend (maar sekerlik moet ook elke Christen erken dat dit, by die sondige mens, Afrikaner of nie, *moontlik* is). Maar juis omdat dit deur die leser so skokkend ervaar word, ervaar hy dit ook as *waarskuwing*. So het die roman hierin, maar ook in vele ander opsigte, 'n didaktiese strekking.

Die redaksie het egter ook die teks ontvang van 'n praatjie gelewer deur die skryfster **Berta Smit** in Oktober 1976, by geleentheid van die A.T.K.B. se huldigingsaand vir Anna M. Louw wat ons graag hierby, as perspektief ook op *Kroniek van Perdepoort*, plaas:

Ek het Anna M. Louw ontmoet daar in die vyftigerjare toe ek in die redaksie was van 'n redelik obskure klein Christelike maandblad genaamd *Naweekpos*. In daardie jare het sy vir dié blad 'n vraerubriek behartig waar lesers se probleme bespreek is. Sy was ook een van ons gereelde medewerkers wat kortverhale en vervolghverhale betref — en as ek reg onthou, het sy nog vir ons artikels ook geskryf.

Ek noem dit hier omdat die meeste ervare skrywers van daardie tyd nie baie geesdriftig was om vir ons bydraes te lewer nie. Miskien behoort ek hulle dit nie kwalik te geneem het nie: ons finansies was immers nie so dat ons na waarde kon vergoed nie en ons leserskring was maar bra beperk — hoe goed ons bedoelings ook al was.

Die feit dat Anna M. Louw wel ten spyte van alles bereid was om vir ons te skryf, sê vir my veel van haar — as mens, maar veral nou as skrywer. Vir haar, in haar skryfwerk, het dit van altyd af gegaan om kommunikasie. Haar skrywer-wees — dit het ek al in daardie jare besef — is 'n noodwendige uiting van haar betrokkenheid by mense, haar belangstelling in mense, haar gevoel van verantwoordelikheid teenoor hulle. Sy kon die menswaardigheid, die lewensvatbaarheid van elke situasie insien en waardeer.

Haar katolieke benadering tot haar taak het my dan ook van die begin af opgeval. Immers, in dieselfde tyd dat sy ligte verhale vir *Naweekpos* geskryf het, het daar 'n politieke roman van haar verskyn *Twenty days that*

autumn, 'n historiese roman *Die banneling - die lyfwag*, die reisverhaal *Agter my 'n albatros*, die romans *Die koms van die komeet* en *Die onverdeelde uur* en daardie skreeusnaakse lekker *Voortreflike familie Smit*.

Katoliek voorwaar. En dit val nog meer op as onthou word dat daar in daardie jare dikwels gepraat is van die vervreemding wat daar tussen die Afrikaanse skrywer en die maatskappy of die leser ontstaan het — in so 'n mate dat die skrywer dikwels van volksvreemdheid beskuldig is, van duisterheid wat *so wie so* sinoniem gestel is met dekadensie. Dat daar in dié argumente dikwels misgetas is oor wat die verhouding skrywer-leser werklik inhou en wat die rol van die letterkunde in die maatskappy is, dit is nou nie hier ter sake nie. Feit is dat 'n mens jou by hierdie skrywer se werk nooit van 'n botsing bewus was nie. Met die verskeidenheid van haar publikasies het sy in elk geval midde-in die hele ryke verskeidenheid van menswees gestaan.

In later jare had ek ook die voorreg om as redaksielid by Tafelberg-Uitgewers gemoed te wees met die publikasie van ander van haar werke. Een van die hoogtepunte uit daardie uitgewersjare bly dan ook die verskyning van *Kroniek van Perdepoort*.

En vandag, meen ek, kan ek 'n bepaalde patroon sien in hierdie verskeidenheid van rigtings waarin sy deur die jare gewerk het, soos ek dan wil probeer aantoon.

Die vraag wat ek egter wil stel, is: Hoe, of liever waardeur het die werk van Anna M. Louw die Afrikaanse letterkunde verbreed en verruim, dit as 't ware op 'n breër doek geplaas? Want hierdeur reken ek, word die eintlike waarde van 'n skrywer binne sy letterkunde bepaal.

Natuurlik is dit onmoontlik om in die kort bestek van so 'n kleine huldigingswoord hierdie vraag na reg te beantwoord. Ek wil tog enkele dinge noem.

As verwysingsbasis het Anna M. Louw die Christelike denke gebruik. Die Griekse denke, w.o. die Platoniese, die Panteïstiese, die Oosterse, die heidens-mitologiese — om maar net 'n paar denkrigtings te noem — was reeds al almal vrugbare bronne waaruit die Afrikaanse letterkunde — en dit wel deeglik tot eie verruiming — kon put, van Celliers af reeds en Leipoldt tot by die modernes. Maar wie die verwysingsgrond van hierdie skryfster se werk wil nagaan — en vir die literêre kritiek is dit immers nodig — sal moet teruggaan na Christelike denkers soos Augustinus, Kierkegaard, Calvin en selfs ook die Middeleeuse mistici. Gevolglik word die Christelike denke soos dit deur die eeue ontwikkel het, deel van die singewing van die letterkunde.

En hiersonder sou die letterkunde van 'n volk wie se denke en leefwyse en gees tot op baie groot hoogte deur hierdie denke bepaal word, of dan mede-bepaal, as u wil, inderdaad onvolledig en daarom in 'n sekere sin onwaar gewees het.

Sy het ook nie net die Christelike denke as verwysingsbasis gebruik nie; die Christelike denke as sodanig vorm as 't ware die dampkring waarbinne haar werk beweeg. In haar werk is bepaalde aspekte daarvan belig soos nog selde tevore in die Afrikaanse letterkunde.

Ek wil in hierdie verband verwys na die besondere aardsheid van haar werk. En by aardsheid bedoel ek net wat die woord sê: van die aarde, van hierdie aarde en van hierdie bepaalde stuk van die aarde waarop ons woon. En as ek dit reduseer tot by die Suid-Afrikaanse stukkie aarde, weier ek tog om dit as verengend te sien. In veral *Kroniek van Perdepoort* het Anna M.

Louw na aan die universele gekom juis ook omdat dit so Afrikaans en daarom eg is.

Die aardsheid waarvan hier sprake is, kan miskien ook só geformuleer word: Wie werklik Christen is, weet dat hy van die tyd is en dat hy daarom ook binne die tyd en uit die tyd en die tydelike moet leef. Maar hy weet ook meteen dat dit Góð se tyd is. Hy weet dat hy van die aarde is met sy stof en modderigheid en onvolkomenheid, maar weet ook meteen dat dit Góð se aarde is. En dat ook ons geestelike lewe deel is van hierdie aardse — die sien soos deur 'n spieël in 'n raaisel.

Kortom, vir Anna M. Louw gaan dit om die mens in sy volle menslikheid. En dit sluit dan ook in die mens as strydfront in wat Augustinus sou noem die stryd tussen die ryk van die lig en die ryk van die duisternis.

Ons beskawing — ek wil dit waag om dit te sê — en daarom ook ons letterkunde is tot op groot hoogte siek. Ons is siek aan 'n bepaalde skuldgevoel. Selfs Neil Diamond sing daarvan. Iewers het ons gefaal. Ek wil dit waag om hierdie siekte nog verder te diagnoseer deur te sê dat mede uit hierdie skuldgevoel die oordrewe aksent op seks en geweld, onder andere, in ons letterkunde kom. Seks het sonde geword, deel van ons skuld — baie myle lê tussen ons en die gesonde baldadigheid van die Wife of Bath (en ek weier om die skuld volledig aan die deur van die Calvinisme te lê) — en nou skryf ons maar daaroor om te kyk of die woord ons nie kan reinig nie. Die woord moet ook help om die skok van geweld te besweer.

En so val die klem vandag baie sterk op die terapeutiese van die kuns.

Ons is siek aan 'n bepaalde wêreldvervreemding en ons soek na nuwe mites, ook deur die letterkunde, om hierdie lewe weer sin te gee. En as ons dít nie kan doen nie, verheerlik ons maar die sinloosheid self. Die absurde het immers al 'n volwaardige lewensbeskouing en kunsrigting geword.

Inderdaad, die Prometheus-figuur van die negentiende eeu het verdwyn en ons leef in die teken van Sisyphus.

Nou moet u my nie verkeerd verstaan nie: Al hierdie dinge het seer seker 'n plek in die letterkunde, moet seker ook plek daarin hê as dit 'n volledige beeld van mens en wêreld wil gee. Maar dan moet die volwasse standpunt ook sy plek daarin kry. Ek noem dit volwasse, want wie is immers so volwasse as juis hy wat weet dat hy mens is, met alles wat daarmee saamhang — sonde én heerlikheid — en dat God Góð is met alles wat weer dáármee saamhang?

En dit is die realistiese lewensbenadering wat Anna M. Louw laat vorm kry het in haar werk. Sy kyk die bose, maar ook die goeie, in die gesig omdat sy weet dat goed en kwaad binne die tyd in hul vervlegtheid bestaan. Hieroor is sy trouens al gekritiseer. Ná die verskyning van *Kroniek van Perdepoort* het daar wel deeglik geskokte stemme opgegaan: Dat so 'n ordentlike vrou nou sulke dinge kan skryf. En dit maak 'n mens eerlik gesê, miskien 'n bietjie moeg. Moet ons ons dan nog altyd instel op die vraag of die skrywer die bose mag uitbeeld?

Miskien tog. Want wie dit doen sonder die nodige insig in die wese van die aardse, kan natuurlik gevaar loop om daardeur aangetas te word en deur die siektekieme van ons tyd. Maar dít is die bydrae wat Anna M. Louw gebring het: dat sy die bose kon uitbeeld “without connivance”, soos Maritain dít iewers gestel het, en met die nodige volwassenheid waarvan ons reeds gepraat het.

Maar ek moet verder gaan. Hierdie aardsheid gee 'n besondere

outentisiteit, 'n besondere werklikheid en geloofwaardigheid aan die wêreld en die mense wat sy in haar romans skep sodat jy voel jy het hier in der waarheid met lewe te doen — die lewe soos hy geleef word.

Dit bring my dan weer by wat ek reeds genoem het, haar betrokkenheid by en insig in haar mense en haar wêreld. Die Christelike idee staan wel sterk in haar werk — sonder die lewensbeskoulike gáán dit immers nie in die letterkunde nie — maar by haar gaan dit nie om die formulering of die deurvorsing of die propagering van 'n bepaalde lewensbeskouing nie, maar eerder om — as ek dit so mag stel — die vleeswording van daardie lewensbeskouing, die manifestasie daarvan. Oor Perdepoort waai daar dae lank 'n wind. Dit is 'n wind wat met sy heenwysing na die denke van Augustinus sterk simbolies gelaai is, maar tegelyk is dit ook die onvervalste wind van die noordweste en jy voel hom en ruik hom en proe sy stof op jou tong. Anna M. Louw se simboliek is volkome geïntegreer met haar werklikheid sodat 'n mens hier inderdaad van realisme moet praat. En ek dink 'n studie van wat ons presies by haar onder hierdie begrip moet verstaan, sal baie insiggewend wees.

Dit is in elk geval 'n realisme, om net weer te herhaal, wat gebore is uit haar lotsverbondenheid met haar mense. Die afgelope jare het die begrip betrokkenheid in die letterkunde baie sterk prominensie gekry, maar dan is dié begrip alte dikwels te eng gesien as sou dit dan veral gaan om politieke betrokkenheid. Dit is egter vanselfsprekend dat geen skrywer kan skryf sonder om betrokke te wees nie. Maar betrokke dan by wat? "I am," sê John Donne in sy klassieke uitspraak, "involved in mankind." En dáárom gaan dit. Daarom gaan dit by Anna M. Louw. Sy is volledig betrokke by die mens in sy menslike gesitueerdheid. En sy het hom lief. Haar betrokkenheid sluit die politieke en maatskaplike betrokkenheid nie uit nie — daarvan getuig o.a. tog *Twenty days that autumn* en *Kroniek van Perdepoort* wat ook as 'n geweldige aanklag teen ons blanke beskawing gesien moet word. Maar haar betrokkenheid omsluit baie meer. Dit gaan by haar om wat Arnold Bennett sou noem "a Christ-like, all-embracing compassion."

Anders gestel: Dit gaan by haar om drie begrippe wat onvervreembaar deel moet wees van die letterkunde as daar van volwasse realisme sprake wil wees: Geloof, liefde en hoop — dié drie wat Paulus reeds saamgegroeper het.

Oor die geloof en die liefde hoef ek nie hier verder uit te wei nie. Maar dit is belangrik dat ons die begrip hoop beklemtoon. Hoop beteken die weg beweging van die Sisypus-figuur waarby die letterkunde nou lank genoeg bly steek het. Hoop staan téénoor die uitsigloosheid, die sinloosheid, die absurde. En hoe goed hierdie lewensbeskouing dan ook al in die letterkunde uitgebeeld is, moet daar tog altyd vernuwing wees. Hoop beteken beweging, dit beteken die moontlikheid van 'n reis iewers heen, 'n beweging vorentoe, 'n bewuswording van die dinamiek van lewe. Dit is wat Moltmann sal noem 'n kalme verlustiging in bestáán as sodanig. En Anna M. Louw se belangstelling in die reisverhaal — ek dink aan *Agter my albatros* en *Dié wat met die fluite loop* — is nie sommer toevallig nie.

Die begrip hoop begin al hoe meer identiteit kry binne ons eietydse denke, soos die werke van denkers soos Moltmann bewys — om maar net een eksponent van die Teologie van hoop te noem. En in die werk van Anna M. Louw is dié begrip ook besig om hom literêr te identifiseer. Woorde van Moltmann kan goed van toepassing gemaak word om haar werk. "Dit is net

hoop," sê hy, "wat werklik realisties genoem kan word, want slegs die hoop maak erns met die moontlikhede wat daar in die werklikheid lê. Dit aanvaar nie maar net dinge soos hulle dan nou toevallig is of staan of lê nie, maar sien hulle as bewegend vorentoe, bewegende dinge met die moontlikheid tot verandering."

Maar hierdie vooruitbeweeg, hierdie openheid tot verandering vereis eers 'n bepaalde terugskouing, 'n bepaalde bestekopname, 'n bepaalde historiese perspektief op die pad waarlangs daar dan wel reeds beweeg is. En daarom is die sterk historiese en epiese inslag in haar werk ook nie bloot toevallig of willekeurig nie. In haar twee historiese romans *Die banneling — die lyfwag* en *Die groot gryse* verbeeld sy 'n tydvak in ons geskiedenis, sy herskep dit weer, interpreteer dit weer opnuut sodat die moontlikheid tot beweging daargestel word. Dieselfde geld trouens vir *Kroniek van Perdepoort* wat alhoewel dit nie histories in die regte sin van die woord is nie, tog so onmiskenbaar uit ons eie bodem gegroei het, dat dit tog in 'n sekere sin wel histories genoem kan word. Immers, mense het al vir my gesê: Ons het een naweek gaan blomme kyk en ons was toe in Perdepoort se wêreld. Maar dit eintlik terloops.

Die terugskouende in haar werk is ook in 'n ander opsig insiggewend. *Kroniek van Perdepoort* se verhaal werk terug na die verlede. Koos Nek is lank voor die romanverhaal begin, reeds dood. Hy is lank reeds begrawe. Die verhaal wat nou afspeel, is 'n her-begrafnis. En watter makabere klug word dit nie. Al die gaste daar met hul gissings en die familie met hul struwelings en dinge en die kis wat gly en val en breek... So word hierdie roman onder andere — en ek wil "onder andere" onderstreep, want dit is maar één siening daarvan — 'n heerlike parodie op die dood, ook op die dood in die sonde. Die stryd is in 'n sekere sin reeds verby. Dit gaan nou om die beweeg vorentoe. En Koos Nek se kleindogter is reeds op die toneel, al is haar beeld nog maar vaag.

Onlosmaaklik aan die hoop verbonde, aan die beweeglikheid van lewe, is die lewendrif, so kenmerkend vir Anna M. Louw se werk — dink maar aan haar uitbeelding van Paul Kruger, veral as jongman.

En dan die humor.

Humor is hier 'n sleutelwoord. Want as ons wegbeweeg van die Sisyphus-idiom, beteken dit nie dat ons terugbeweeg na Prometheus nie. Waarheen dan? Nee, ek is nie profeties genoeg om te sê nie. Maar Helmut Thielicke sê in sy boek *Das Lachen der Heiligen und Narren* dat dit Christelik is om te lag. En in Anna M. Louw se werk was die lag nog altyd daar. Lees maar weer die *Voortreflike Familie Smit* en *Oom Kolie gee raad* en *Agt my 'n Albatros*. Dit werk deur van die komiese tot by die ware humor. Kyk maar weer na *Kroniek van Perdepoort*. Dit is inderdaad 'n skokkende boek. Dit is 'n geweldige aanklag teen 'n hele beskawing. Dit vertel van hoogmoed en wellus en hebsug en afguns en geweld, van buite-egtelike kinders en van selfmoord. En tog. Onthou u hoe arme Jan Pampoens in die buitehuisie sit, en met grootse gedagtes ten spyte van sy nederige troon, 'n toespraak voorberei. Hy sal tog immers as die oudste aan die woord moet kom. En daar vra die dominee hom toe glad nie eens nie. Dink maar aan die manewales van die kinders om die huis waarin die lyk lê van die buite-egtelike kind van Kobus Karba en ou Mietjie. Dis om van te huil. Maar jy móét gewoon lag.

Hierdie lag maak, soos Moltmann tereg sê, die erns nie oorbodig nie. Dit

bewaar en beskerm juis ons wesentlike erns teen die demoniese, teen wanhoop, teen die mens se neiging tot selfvergoddelyking en, aan die ander kant, selfveragting; dit beskerm ons teen 'n beheptheid met volmaaktheid én die wanhoop wanneer ons net die onvolmaakte kan bereik.

As ons werklik erns maak, so sê hy, met ons maatskaplike en politieke verpligtinge rys hierdie dinge oorweldigend groot voor ons op. En hierdie verantwoordelikheid kan die mens vernietig omdat hy net méns is en nie God nie. Ek het die idee — dit is nog altyd Moltmann wat praat — dat die lag as 'n middelaar kan optree tussen die oneindige grootheid van ons verpligtinge en die beperktheid van ons krag.

Met die lag is ons dan inderdaad weg van Sisyphus én Prometheus. Ek het gesê dat ek nie profeet genoeg is om te sê waarheen dit ons bring nie. Maar miskien tog net dit. Ek dink dit plaas ons midde-in hierdie aardse realisme wat ek sien as dié sterk vernuwing wat Anna M. Louw se werk gebring het. En ek wil dit waag om te sê dat sy hiermee die moontlikheid van 'n nuwe beweeglikheid in ons prosakuns gebring het. Die pad vorentoe lê nou oop.

OPENBARE UITLEENREG

“Openbare uitleenreg” of “leenvergoeding” is die afgelope jaar bestendig op die agenda van die Afrikaanse Skrywerskring. Op 6 Oktober 1977 het mnr. P.E. Westra, assistent-direkteur van die Staatsbiblioteek, Pretoria, 'n lesing oor dié onderwerp gehou voor die Noord-Transvaalse tak van die S.A. Biblioteekvereniging, waarvan die teks hier volg. Die lesing sal ook gepubliseer word in die amptelike tydskrif van die S.A. Biblioteekvereniging, Suid-Afrikaanse Biblioteke/S.A. Libraries.

1. Inleiding

Die term “openbare uitleenreg” is 'n direkte vertaling van die Engelse *public lending right* wat omskryf word as die reg tot vergoeding vir die gebruik van werke in biblioteke. Volgens Ellsworth word die term nie korrek gebruik nie. “Such a right exists only when defined as such by statute.” Die woord ‘reg’ kan egter sowel na 'n wetlike voorskrif en bepaling wat in 'n gemeenskap geld, as na 'n aanspraak of eis verwys.

In Skandinawiese lande word 'n meer pragmatiese benadering tot die probleem gevolg. Daar word die term “biblioteekvergoeding” of “outeursvergoeding” algemeen gebruik, en dit verwys na die betaling wat outeurs ontvang vir die biblioteekgebruik van hulle boeke. Daar is dit 'n ooreenkoms tussen outeurs, biblioteke en die owerheid dat outeurs vergoeding moet kry vir die gebruik wat biblioteke maak van hulle boeke, bo en behalwe die vergoeding (of royalty) wat die skrywer ontvang het toe een of meer kopieë van sy boek deur biblioteke aangekoop is. In Duitsland word die terme *Bibliotheks-* of *Buchereitantieme* (tantieme — outeursvergoeding, skrywersaandeel) of *Bibliotheksabgabe* (abgabe — belasting, honorarium) gebruik. In Nederland is vroeër 'n verskeidenheid terme gebruik soos leenrecht, boekenrecht, bibliotheekrecht en leeszegel om na die begrip te verwys, maar gedurende die laaste jare is die term *uitleenrecht* algemeen aanvaar. Ek sou graag wou voorstel dat, terwyl die debat oor die prinsipe van uitleenreg nog

voortgaan, ons liewer laasgenoemde term moet vermy en eerder behoort te praat van leenvergoeding, wat na die werklike saak verwys en nie na 'n reg wat bestaan, al dan nie.

My onderwerp is dus "vergoeding aan outeurs vir die biblioteekgebruik van hulle boeke" of dan: *leenvergoeding*.

2. *Leenvergoeding in die praktyk*

2.1 Denemarke was in 1946 die eerste land wat 'n stelsel van outeursvergoeding ingevoer het. 'n Klousule is in die Deense Openbare Biblioteekwet opgeneem wat bepaal dat 'n bedrag gelykstaande aan 6% van die totale regeringsfondse vir openbare biblioteke aan Deense outeurs beskikbaar gestel moet word as vergoeding vir die gebruik van hulle boeke in openbare- en skoolbiblioteke. Die uitbetalings aan individuele outeurs is gebaseer op die aantal eksemplare van Deense boeke in biblioteke (dus nie op uitlenings nie). Jaarliks word 'n lys saamgestel van titels van Deense outeurs en biblioteke moet dan aandui hoeveel eksemplare van hulle van die titels besit. Sedert 1975 ontvang skrywers ongeveer R0,20 vir elke eksemplaar van hulle boeke aanwesig in openbare biblioteke en skoolbiblioteke.

Gedurende 1976 het die staat ongeveer R2¼ miljoen aan individuele skrywers uitbetaal. Een Deense skrywer het in 1975 R30,000 uit hierdie fondse ontvang.

2.2 Sedert 1947, word in Noorweë 'n jaarlikse bedrag gelykstaande aan 5% van die staatstoelaag vir boekaankope deur openbare- en skoolbiblioteke aan 'n sentrale outeursfonds beskikbaar gestel. Hierdie geld word uitsluitlik gebruik om jong outeurs deur middel van werkbeurse en pryse, of deur staatsaankope van hulle boeke aan te moedig en om skrywers of afhanklikes van skrywers wat in behoeftige omstandighede verkeer te help.

2.3 'n Soortgelyke fonds is sedert 1961 in Finland van krag terwyl Ysland sedert 1968 'n ekwivalent van 10% van die jaarlikse staatstoelaag aan openbare biblioteke in 'n sentrale outeursfonds stort. Hiervan word 60% aan behoeftige outeurs of hulle afhanklikes uitgekeer en die res word bestee aan literêre pryse en werksbeurse vir outeurs.

2.4 Swede se stelsel, van krag sedert 1954, is gebaseer op die aantal uitlenings deur openbare- en skoolbiblioteke en die aantal naslaanwerke aanwesig in hierdie biblioteke. Ongeveer 150 biblioteke word jaarliks op 'n rotasiebasis gevra om noukeurig rekord te hou van hulle leenomset, asook van naslaanwerke van Sweedse outeurs in voorraad, oor 'n periode van 13 weke. Hierdie statistiek kan redelik maklik verskaf word, want die meeste Sweedse biblioteke beskik oor een of ander vorm van fotografiese uitleenmasjiene wat uitlenings vaslê op 'n fotografiese band. Hierdie gegewens word dan deur die Sweedse Outeursfonds verwerk en die bedrae wat aan individuele outeurs uitbetaal moet word, word uitgewerk.

In 1973/74 het dié fonds oor ongeveer R2,5 miljoen beskik. Hiervan is 15% opsy gesit vir administratiewe koste en koste van biblioteke. R650 000 is direk aan Outeurs uitbetaal op grond van die gebruik en aan-

wesigheid van hulle boeke in biblioteke en die res is aan spesiale toelaes, pryse, werksbeurse en pensioene spandeer.

Direkte uitbetalings op grond van biblioteekgebruik, geskied op die volgende basis:

2 sent vir elk van die eerste 100 000 lenings

1 sent vir elke daaropvolgende lening tot 200 000 lenings.

½ sent vir elke daaropvolgende lening tot 400 000 lenings.

1/5 sent vir elke daaropvolgende lening.

Uit die totaal van 70 miljoen per jaar lenings, word 'n steekproef van 200 000 gemaak.

2.5 In Nederland is sedert 1972 'n sisteem in werking, gebaseer op die aanskaf van werke van Nederlandse outeurs deur Openbare Biblioteke. Die regering maak jaarliks 'n bepaalde bedrag aan 'n sentrale fonds beskikbaar, wat statistiek versamel en die bedrae uitbetaal. In 1976 het die fonds oor ruim R160 000 beskik. Die stelsel is baie maklik om te administreer omdat 90% van alle boekaankope gekanaliseer word deur die Nederlandse Bibliotheekdienst, 'n sentrale aankoopdiens waarby omtrent alle literêre Nederlandse uitgewers ingesluit is. Die bestuur van die fonds bepaal elke jaar watter boeke wel en watter nie vir vergoeding in aanmerking kom nie — vakliteratuur, bloemlesings en vertalings word uitgesluit.

In 1974 het 646 outeurs bedrae ontvang wat gewissel het van R3,50 tot R2 000. Nederlandse outeurs is baie ontevrede met die huidige reëling. Dit blyk uit 'n onlangse publikasie van die Nederlandse Vereniging van Letterkundigen getitel *Van geen recht naar leenrecht*. Hierin word die daarstelling van 'n stelsel gebaseer op uitlenings bepleit.

2.6 Duitsland is tot dusver die enigste land wat sy leenvergoeding aan sy outeursregwetgewing gekoppel het. Gedurende 1972 is 'n klousule in die Duitse Wet op Outeursreg opgeneem wat bepaal dat 'n gepaste vergoeding betaal moet word aan die eienaar van die outeursreg van werke wanneer sulke werke verhuur of uitgeleen word deur 'n openbare instelling soos 'n biblioteek. Hoe groot die vergoeding moet wees en wie dit moet betaal, word nie gespesifiseer nie. Na ruim 2 jaar van onderhandeling tussen die Federale Regering en die verskillende State is ooreengekom dat vir die jare 1973 tot 1975 retrospektief 'n bedrag van ± R3.1/3 miljoen per jaar vir leenvergoeding aan outeurs beskikbaar gestel sou word. Hiervan betaal die Federale regering 10% en die state 90%. Ruimte ontbreek om hier in detail op die taamlik ingewikkelde Duitse skema in te gaan. Ek wil net noem dat die beskikbare geld versprei word oor vier verskillende Verwertungsgesellschaften (outeursverenigings). V.G. Wort in München wat uiteindelik die meeste met leenvergoeding te doen het, ontvang ongeveer 77% van die totaal. Hierdie organisasie is ook verantwoordelik om deur middel van steekproewe statistiek in te samel oor hoe dikwels boeke wat nog aan kopiereg onderhewig is deur Duitse biblioteke uitgeleen word.

In 1975 het V.G. Wort oor DM 10 miljoen (R3 300 000) beskik. Administrasiekoste, belasting ens. het ongeveer 16% beloop. DM 4.2 miljoen is gestort in 'n "Sosialfonds" wat toekennings maak aan behoeftige outeurs en die res, naamlik DM 4 miljoen is individueel aan

outeurs uitbetaal op die basis van uitlenings deur biblioteke. Outeurs kry 70% en uitgewers 30%; vertalers 50% van die outeursaandeel.

Die eerste betalings is in 1975 gemaak en het gewissel van R10 tot R5 000. Wat verder van belang is, is dat Duitsland die enigste land is wat voornemens is om buitelandse outeurs wie se werke in Duitse biblioteke uitgeleen word, te vergoed. Die bedoeling is dat sulke betalings aan buitelandse insamelingsverenigings soos bv. die Suid-Afrikaanse S A M R O sal geskied. Tot op datum is egter geen betalings aan S A M R O gemaak nie.

2.7 In Nieu-Seeland is gedurende 1973 'n skema ingestel om soos dit amptelik lui, "to make payments in compensation to New Zealand authors for the loss of royalties resulting from the use of their works in Public Libraries." Die regering van Nieu-Seeland bewillig 'n jaarlikse toelaag van ongeveer R160 000 aan die New Zealand Author Fund. Betalings aan outeurs geskied op basis van die aantal eksemplare van boeke van Nieu-Seelandse outeurs in universiteite, openbare, provinsiale en skoolbiblioteke. In 1976 is betalings aan 505 outeurs gemaak; \pm 1500 titels was betrokke en 125 000 kopieë. Die minimum betaling was R65,00, gemiddeld is R350,00 betaal en 'n paar skrywers het R1 000 of meer ontvang.

2.8 In Australië is die eerste outeursvergoeding in 1974 uitbetaal. Die skema betaal jaarliks 50c aan die outeur en 12½c aan die uitgewer van elke Australiese boek in voorraad van Australiese biblioteke. Gedurende die eerste jaar het die Australiese regering ongeveer R500 000 beskikbaar gestel aan die Australiese Authors' Fund en het ongeveer 2 000 outeurs, en 80 uitgewers respektiewelik R400 000 en R100 000 gekry. Die minimum betaling was R25,00, gemiddeld is R140,00 betaal en die hoogs betaalde outeur met 47 titels en 9 600 kopieë het R4 800 ontvang. Angus en Robertson, Australië se grootste uitgewer, het gedurende 1974 R25 000 ontvang. Administratiewe en ander koste verbonde aan die administrasie van die skema, was in 1976 ongeveer R100 000 of 20% van die totale beskikbare bedrag.

Die stelsel is taamlik eenvoudig. Die Australiese outeursfonds, in samewerking met die Australian National Library, het 'n katalogus saamgestel van 9 000 werke van ongeveer 2 000 Australiese outeurs en 80 uitgewers en 'n aantal biblioteke het vervolgens getel hoeveel eksemplare van hierdie boeke in hul voorraad is, waarvolgens die individuele betalings gemaak is. Biblioteke het op 'n vrywillige basis alle moontlike samewerking verleen om die skema 'n sukses te maak.

2.9 In Engeland duur die stryd van outeurs nog onverpoosd voort om 'n leenvergoeding op 'n wetlike basis deurgevoer te kry. Wie 'n goeie indruk wil kry oor al die argumente vóór en teen leenvergoeding, hoef slegs 'n studie te maak van die geskiedenis van die begrip in Engeland. Derduisende briewe het sedert die vyftiger jare oor die onderwerp in die Engelse pers verskyn. Tientalle ondersoeke is geloods en 'n magdom verslae is hieroor gepubliseer. Sedert 1960 is ten minste 6 wetsvoorstelle by die Britse Parlement ingedien. Die tyd ontbreek om hierdie geskiedenis in detail op te som. Ek wil net noem dat die Britse regering

onder druk van die Authors' Association in 1974 'n omvattende ondersoek gelas het na die koste van 'n openbare uitleenregstelsel wat gebaseer is op die aantal uitlenings deur biblioteke. Die ondersoek is gedoen deur die Technical Investigation Committee, wat sedertdien twee verslae gepubliseer het. Hierdie verslae bevat baie interessante gegewens oor bv. die gemiddelde leeftyd van boeke in openbare biblioteke, die gemiddelde aantal uitlenings van 'n boek per jaar, die aanwesigheid van ISBN's in publikasies, ens. Die koste van 'n skema gebaseer op uitlenings is geraam op £400 000 en die koste van 'n skema gebaseer op die voorrade van openbare biblioteke omtrent 10% laer.

Gedurende Maart 1976 het die Britse regering 'n *Public Lending Right Bill* ingedien met die doel om 'n uitleenregstelsel as 'n afsonderlike reg los van outeursregwetgewing ingestel te kry. Betalings sou geskied op grond van die aantal kere wat boeke deur openbare biblioteke uitgeleen word. Die wetsvoordeel bepaal dat 'n sentrale staatsfonds van voorlopig £1 miljoen vir hierdie doel beskikbaar gestel sal word. Van Maart tot November 1976 het hierdie wetsontwerp sy moeisame pad deur die House of Commons en later deur die House of Lords geloop. Van sowel regeringskant as die opposisie, is skerp teenkanting teen sowel die prinsipe van die reg as die voorstelle vir die praktiese instelling daarvan geloods. Tientalle wysigings is voorgestel wat elletlange besprekings uitgelok het. Aangesien al die wysigingsvoorstelle nie aan die einde van die parlementêre sitting afgehandel is nie, moet die wet in enigsins gewysigde vorm vanjaar weer dieselfde paadjie deur die House of Commons and House of Lords loop. Blykbaar is die eerste gedeelte nou afgehandel, maar die wet staan nie hoog op die prioriteitslys van die Britse regering nie. Daar word ook gevrees dat die wetsvoorstel in elk geval geen kans het om aanvaar te word nie omdat 'n paar parlamentslede blykbaar vasbeslote is om dit dood te praat. (Die Britte gebruik die mooi woord *fillibustering* hier).

3. Die argument voor en teen leenvergoeding

3.1 Dit is bekend dat die skryf van boeke, ekonomies gesien, oor die algemeen nie 'n baie lonende aktiwiteit is nie. Die British Society of Authors het bv. in 1966 vasgestel dat 56% van die Britse skrywers minder as £500 per jaar vir hulle pennevrugte ontvang. Vergelykbare statistiek oor Suid-Afrikaanse skrywers is, sover ek weet, nie beskikbaar nie. Die bekende kampvegter vir openbare leenreg, Sir Alan Herbert, wat in 1960 ook vir die eerste maal die term *Public Lending Right* gebruik het, het vasgestel dat hy slegs £3 verdien het in die vorm van skrywerspersentasie uit die verkoop van twee van sy boeke wat oor 'n periode van 20 jaar 3 600 keer uitgeleen is.

3.2 Die hele problematiek van uitleenvergoeding het die laaste dekades al hoe meer aktueel geword as gevolg van die enorme vermeerdering van die aantal publikasies wat veral deur openbare biblioteke uitgeleen word. In Engeland het lenings in openbare biblioteke bv. gestyg van 75 miljoen in 1925 tot 600 miljoen in 1975. Verder is vasgestel dat die gemiddelde roman ongeveer 8 keer en in sommige gevalle tot 30 keer per jaar uitgeleen word.

3.3 Argumente ten gunste van leenreg sentreer gewoonlik om die volgende:

3.3.1 Die vrye uitleen van boeke gaan teen alle beginsels van billike gebruik soos neergelê in outeursregwetgewing.

3.3.2 Outeurs ly finansiële verlies omdat hulle geen vergoeding kry vir die gebruik wat biblioteke van hulle boeke maak nie.

Dit is tans nog 'n ope vraag of outeurs werklik skade ly as gevolg van die bestaan van biblioteke. Skrywers beweer dat hulle baie meer eksemplare van hulle boeke sou verkoop, indien daar geen biblioteke sou gewees het nie. Bibliotekarisse daarteenoor meen dat baie boeke nooit gepubliseer sou gewees het as die uitgewer nie geweet het dat 'n groot gedeelte van die oplaag deur biblioteke gekoop sou word nie. Voorbeelde hiervan is vakliteratuur oor gespesialiseerde onderwerpe en eerste romans van outeurs. Dit is egter ook waarskynlik dat sommige boeke in groter getalle verkoop sou gewees het, indien daar geen openbare biblioteke sou bestaan het nie. Andere se verkope sou waarskynlik skerp gedaal het. Engelse bibliotekarisse het reeds die drastiese voorstel gemaak dat biblioteke 'n jaar lank geen nuwe boeke moet koop nie en daarna kyk wat die resultaat is.

Dit word dikwels beweer dat biblioteekgebruikers meer boeke koop as persone wat nie lede van biblioteke is nie. In 1975 het 'n markondersoek in Nederland egter die teendeel aangedui. Daar is vasgestel dat lede van openbare biblioteke gemiddeld 80 boeke per jaar lees; hiervan het hulle 12 self gekoop, 5 present gekry, 5 van vriende en 58 van biblioteke geleen. Nie-lede het 29 boeke gelees waarvan 14 self gekoop en 4 present gekry is, en 6 van vriende en 5 van biblioteke geleen is.

In Nederland het die openbare biblioteek sedert 1974 deur 'n interessante ontwikkeling gegaan, deurdat kinders onder 18 jaar van ledegeld vir biblioteke vrygestel is. Dit het tot gevolg gehad dat die aantal lede van openbare biblioteke in 1975 met 25% en die aantal uitlenings met 18% gestyg het. Uit die volgende tabel kan mens egter aflei dat die styging in die aantal uitlenings oor 'n periode van 3 jaar gepaard gegaan het met 'n daling in verkope van publikasies.

	1973	1974	1975
Lenings.....	83	96	114 miljoen
Verkope.....	44	43	41 miljoen

Daar word ook dikwels beweer dat 'n goeie openbare biblioteekdiens in 'n bepaalde land bydra tot 'n gesonde mark vir publikasies. Uit die volgende tabel blyk dit egter dat Duitsland gedurende 1971, 10 000 meer boektitels gepubliseer het as Brittanje. Daarteenoor het die openbare biblioteke in Brittanje jaarliks 600 miljoen publikasies uitgereik en slegs 175 miljoen in Duitsland.

	Bevolking	Uitlenings	Aantal titels GEPUBLISEER
Frankryk	51 miljoen	45	22,400
United Kingdom	56 miljoen	600	32,538
Wes-Duitsland	59 miljoen	175	42,957

(Bron: *Buch und Buchhandel in Zahlen, 1971*)

4. *Outeursregwetgewing en uitleenreg*

Vervolgens 'n paar opmerkings oor die verband tussen outeursregwetgewing en uitleenreg. Soos reeds gesê, het slegs Duitsland tot nou toe hulle leenvergoeding gekoppel aan hulle outeursregwetgewing — ander lande soos Australië, Engeland en Nieu-Seeland was huiwerig om dit te doen omdat hulle daardeur weens internasionale ooreenkomste waarskynlik gebind sal wees om aan die skrywers uit ander lande wat in hulle biblioteek geleen word, dieselfde voordele te bied as aan hulle eie skrywers. Outeursregwetgewing is daarop gemik om die skepper van oorspronklike werke ruim kontrole te gee oor die eksploitasie kontroleer wat verband hou met die kopiëring of vermenigvuldiging van oorspronklike werke en tweedens die reg van openbare uitvoering (public performance) wat alle metodes insluit wat 'n werk langs 'n nie-tasbare weg openbaar maak.

Outeurs en sekere regsgeleerdes is van mening dat die uitleen van eksemplare van werke aan die publiek as 'n reg onder hierdie laaste kategorie, naamlik openbare uitvoering, behoort te ressorteer.

Die bewering dat uitleen aan 'n groot aantal lesers vergelykbaar is met 'n openbare uitvoering, gaan natuurlik nie op nie — 'n publieke uitvoering van 'n boek sou beteken dat dit aan 'n gehoor voorgelees word. Boeke word aan individue uitgeleen wat dit privaat benut. 'n Verdere probleem is ook dat uitleen van werke deur privaat persone aan mekaar in elk geval onkontroleerbaar is. Nogtans vind leenvergoeding sy basis in die gebruik van die werk van 'n outeur, wat na sy aard 'n onderdeel van outeursreg is.

Daar is ander aspekte waaraan die bibliotekaris aandag moet skenk by die bespreking van leenvergoeding:

5. *Die rol van die openbare biblioteek*

Verskeie kampvegters vir leenvergoeding het in die verlede gepleit dat die gebruiker van die openbare biblioteek behoort te betaal vir die diens wat aan hom verleen word en dat die geld wat daardeur beskikbaar kom aan outeurs uitbetaal moet word. Die beginsel van die vrye biblioteek kom met so 'n benadering in die gedrang. In Brittanje is vasgestel dat tot 70% van alle uitlenings uit ligte leesstof bestaan. Die vraag word ook gestel of dit reg is dat die biblioteekdiens ten volle deur die staat of ander owerhede gefinansier word, terwyl die publiek duur moet betaal vir die bywoning van bv. musiek- en toneelopvoerings en filmvertonings. Selfs as 'n mens aanvaar dat die lees van 'n roman 'n ondervinding van waarde is, bly die argument wat betref toneel-, film- en musiek dieselfde. Dit is inderdaad waar dat toe die beginsel

van die vrye biblioteek eers in Brittanje en later ook in Suid-Afrika algemeen aanvaar is, omstandighede heeltemal anders was as vandag: die deursnee bevolking was minder geletterd, die lewenstandaard was laer. Die argumente wat destyds vir die vrye biblioteek gebruik is, geld vandag nog maar ten dele.

Openbare biblioteke is egter geweldig bang vir enigiets wat die vrye leen van boeke sal dwarsboom en tereg. Die biblioteek lewer 'n belangrike bydrae tot die kweek van die leesgewoonte — lees word as 'n nuttige aktiwiteit beskou of soos die bekende skrywer Findlater dit uitgedruk het: "It is an increasingly rare and very necessary healing activity in a frighteningly complex and limitless, horribly compressed and freedetermined world."

6. *Die Bibliotekaris se houding teenoor leenvergoeding*

6.1 Uit die Britse literatuur oor leenreg kry 'n mens die gevoel dat die hele biblioteekprofessie sterk gekant is teen leenvergoeding. Dit is inderdaad so dat die Britse Library Association sedert 1950 die invoering daarvan sterk teengestaan het, met as hoofredes:

6.1.1 dat dit veral tot finansiële voordeel gaan strek van dié skrywers wat dit die minste benodig. Die skrywer van die "bestseller" sal die meeste baat; skrywers van boeke wat weinig populariteit geniet, die minste.

6.1.2 die enorme koste van 'n stelsel van uitleenreg: Soos reeds gemeld sal 'n enigsins beduidende steekproef uit die totaal van 600 miljoen uitlenings in Brittanje per jaar minstens £400 000 kos.

6.1.3 dat, indien skrywers werklik geregtig is op vergoeding vir die biblioteekgebruik van hulle boeke, dit onregverdig is om dit slegs te baseer op uitlenings deur openbare biblioteke. Gebruik van boeke binne die biblioteek moet ook betrek word. En wat van die gebruik van boeke deur universiteits-, skool- en spesiale- en nasionale biblioteke? Dit is duidelik dat die Britse Regering in hulle jongste wetsontwerp slegs op gebruik in die openbare biblioteek gekonsentreer het, omdat 'n stelsel van meting wat ander biblioteke insluit te gekompliseer sou wees.

6.1.4 dat die boekmark vir die Engelstalige publikasies baie groot is; dit in teenstelling met bv. die Skandinawiese lande waar een van die motiverings vir die invoering van leenvergoeding was om die produksie van literatuur in 'n baie klein taal- en afsetgebied te stimuleer.

6.2 In ander lande waar leenvergoeding reeds 'n feit is soos Swede, Denemarke, Duitsland, Australië en Nieu-Seeland was daar in vergelyking met Brittanje weinig teenstand van bibliotekarisse teen die invoering daarvan. Die Kanadese Biblioteekvereniging het ook onlangs alle samewerking toegesê om 'n stelsel van leenvergoeding in te voer in Kanada, onder voorbehoud dat:

6.2.1 nóg die biblioteek nóg sy gebruiker gevra word om te betaal.

6.2.2 die stelsel nie te veel ekstra werk moet meebring vir die meestal reeds swaar belaaide personeel van biblioteke nie.

Aan hierdie vereistes word in al die lande waar leenvergoeding in die praktyk toegepas word, voldoen. Dit is die sentrale of provinsiale owerhede wat die fondse beskikbaar stel. In alle gevalle waar biblioteke wel gevra word om statistiek te lewer oor uitlening of aantal kopieë van bepaalde skrywers in voorraad, geskied dit gewoonlik op 'n rotasiebasis en word ekstra fondse aan biblioteke voorsien om hierdie werk te verrig.

7. *Slotopmerkings*

7.1 In Suid-Afrika het outeurs en uitgewers die laaste jare individueel sowel as gesamentlik verskeie male gepleit dat 'n stelsel van leenvergoeding ingevoer moet word. Verdoë in hierdie verband is onder andere deur Suid-Afrikaanse skrywersverenigings aan die Departement van Nasionale Opvoeding gerig. Die Minister van Ekonomiese Sake het in 1976 'n ad hoc-komitee benoem wat voorstelle sal maak vir wysiging van die Outeursregwet — en dit is in die parlement genoem dat hierdie komitee die vraagstuk van openbare leenreg ook sal bestudeer en daarvoor verslag sal doen. Die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging het reeds 'n memorandum aan hierdie komitee voorgelê waarin leenvergoeding op 'n grondslag van uitlenings deur openbare biblioteke bepleit word. Die Nasionale Biblioteekadviesraad sal die biblioteek-professie se standpunt aan die komitee stel.

7.2 Ek twyfel of leenvergoeding, of dit nou gebaseer is op uitlenings of op boekvoorrade van biblioteke, werklik veel sal bydra om die lot van die deursnee Suid-Afrikaanse skrywer te verbeter. Dit sal natuurlik in 'n groot mate afhang van hoeveel geld vir die doel beskikbaar gestel word. Die administrasiekoste van stelsels van leenvergoeding op basis van biblioteekgebruik, is egter baie hoog, — en selfs in Swede wat gewoonlik op die gebied van leenvergoeding as 'n model deur skrywers aangeprys word, ontvang die skrywer gemiddeld slegs R500 per jaar direk uit hierdie fondse. Om die verskillende bedrae wat uitgekeer moet word, te bepaal, vereis egter 'n groot hoeveelheid voorbereidende administratiewe werk. Hierdie administrasiekoste word deur die Staat betaal — dit is geld waarvan die skrywers niks sien nie maar wat baie beter direk as subsidie aan hulle uitgekeer kan word.

7.3 'n Mens moet ook onthou dat die meeste Europese lande, veral Skandinawië, buite leenvergoeding om, baie doen om die produksie van hulle literatuur te stimuleer. Skrywers van gehalte ontvang werksbeurse, tydelike of permanente honorariums en pensioene. Die staat Noorweë koop jaarliks 1 000 kopieë aan van geselekteerde romans en digbundels van Noorweegse skrywers, wat aan openbare- en skoolbiblioteke geskenk word. Swede het onlangs 'n staatsubsidie ingestel waaruit die publikasie van jaarliks 300 Sweedse romans en digbundels, 100 jeugboeke en 75 vertalings van buitelandse romans gefinansier kan word. Daar is baie wat 'n land kan doen om die produksie van sy literatuur te stimuleer en om sy outeurs te help — 'n mens kry sterk die indruk dat die Suid-Afrikaanse skrywer wat sulke reëlings betref, om die minste daarvan te sê, afgeskeep word.

7.4 Ek het probeer om nie kant te kies vir of teen leenvergoeding nie.

Dit sou myns insiens baie jammer wees as ons as biblioteekprofessie 'n te negatiewe en onbuigsame houding daartee.1 sou inneem. Dit het wel in Brittanje gebeur en kommunikasie oor die onderwerp is daardeur baie belemmer. Die feit dat leenvergoeding in al hoe meer lande ingevoer word, is beslis 'n teken dat die outeur wel 'n saak het. Ten slotte is dit ook so dat die outeur wel sonder biblioteke kan klaarkom; maar wat word van die biblioteek sonder outeurs?

A.G. VISSER SE 100e VERJAARSDAG: 1 MAART 1978

In Pretoria word 'n groot huldigingsfees vir A.G. Visser beplan vir die einde Februarie 1978. 'n Aantal organisasies sal saamwerk vir hierdie fees, o.a. die Afrikaanse Skrywerskring, die Pretoriase Afrikaanse Kultuurraad, die A.T.K.V. (Pretoria-tak), die A.T.K.B., die A.K.Pol., die verskillende leesunies van Pretoria. Hulle sal bygestaan word deur die Dokumentasie-sentrum van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum is 'n bibliografie van A.G. Visser ontvang, wat hier geplaas word as diens vir ons lesers, vir naslaan- en studiedoeleindes in die A.G. Visser-jaar, 1978.

A.G. VISSER

BIBLIOGRAFIE

Afrikaanse gedigte, byeensamersameld uit wat in die laaste 30 jaar ferskyn is. 1876—1906. Paarl: Paarl drukpers maatskappy, 1906.

F.A.K. Volksangbundel; saamgestel deur Hugo Gutsche, W.J. du P. Erlank en S.H. Eyssen. 2de dr. Pretoria: J.H. de Bussy, 1941.

Johannesburg Public Library. *Index to South African Periodicals.* 1940—1972.

Johannesburg Openbare Biblioteek. *Register van Afrkaanse poësie.* Pretoria: Van Schaik, 1957.

Nienaber, P.J. *Bibliografie van Afrikaanse boeke.* Johannesburg: Voo-trekkerpers, 1943—1970.

Nienaber, P.J. *Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en let-terkunde*, deel 1—6, en nuwe reeks, deel 1—3. Johannesburg: Voo-trekkerpers, 1947—1972.

Nuwe F.A.K.-sangbundel. Kaapstad: Tafelberg, 1973.

Staatsbiblioteek. *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie.* Pretoria: Staatsbiblioteek, 1960.

TYDSKRIFTE EN KOERANTE

Afr. Skr.	Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring.
B. vrou	Die Boervrou.
Br.	Die Brandwag.
B	Die Burger.
B. Kersnr.	Burger Kersnommer.
Hg.	Die Huisgenoot.
Kerkb.	Die Kerkbode.
Kerkbl.	Die Kerkblad.
Kr. S. blad	Kristelike Skoolblad.
Na	Naweek.
N. Br.	Die Nuwe Brandwag.
O. blad	Onderwysblad.
O.E.B.	Ons Eie Boek.
O.L.	Ons Land.
O.T.	Ons Tydskrif
R.	Ruiter.
S.M.	Sarie Marais.
S. blad	Die Skoolblad
S. punte.	Standpunte.
S.A.	Suid-Afrika.
Tg.	Die Taalgenoot.
Tr.	Die Transvaler.
T.W.K.	Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.
Unie.	Die Unie.
Vad	Die Vaderland.
V.blad	Die Volksblad.
V.stem	Die Volkstem.
Voorl.	Die Voorligter.

SLEUTEL

B. vrou 3(13): 7 Ja. 26, 1928 beteken Jaargang 3, nommer 13, bladsy 7, 26 Januarie 1928 van *Die Boervrou*. Die maande: Ja, F, Mr, Ap, M, Jun, Jul, Ag, S., O., N., D.

DIGBUNDELS VAN A.G. VISSER

- Visser, A.G. *Gedigte*. Pretoria: Van Schaik, 1925. 3de druk, 1928; 5de druk, 1929; 6de druk, 1929; 7de druk, 1929; 8ste druk, 1935; 9de druk, 1935; 10de druk, 1935; 11de druk, 1941.
- *Rose van herinnering*. Pretoria: Van Schaik, 1927. 2de druk, 1932; 2de druk, 1933; 3de druk, 1934; 4de druk, 1935; 6de druk, 1937; 7de druk, 1939; 8ste druk, 1940; 9de druk, 1941; 10de druk, 1942.
- *Die purper iris en ander nagelate gedigte*. Kaapstad: Nasionale Pers. 3de druk, 1931; 4de druk, 1932; 6de druk 1936.

- *Uit ons prille jeug*; geïllustreer deur Yolande en mej. Ada Fries
KAAPSTAD: N.P., (1930). 2de druk, 1936.
- *Joernaalaand*: sestien prosastukke. (Kaapstad), Tafelberg, s.j. (1969)
79bl.

BLOEMLESINGS

- *Kinderkeur uit A.G. Visser*, byeengebring deur D.J. Opperman, met
illus. deur Katrine Harries. Pretoria: Van Schaik, 1967, (viii, 96) bl.
illus.
- *Bloemlesing uit die gedigte van A.G. Visser*; keuse en inleiding van dr.
G. Dekker. Pretoria: Van Schaik, 1955. 105p. port.

GEDIGTE VAN A.G. VISSER

- Aan die aardbol. 1 Jan. 1926. Hg. 10(203): 29F. 5, 1926. Gedigte, p.121.
- Aan die veilige kant. Hg. 11(251):3 Ja. 14, 1927. Rose van herinnering, p.95
- Aanhouer wen! Hg. 13(335):21 Ag. 31, 1928. Purper iris, p. 53.
- Adam en Eva. Gedigte, p. 111.
- Adam; of. Die paradys herwonne. Hg. 13(341): 9 O. 12, 1928. Purper iris, p.
75.
- Adipositas praecox. Gedigte, p. 91.
- Adorasie Gedigte, p. 151.
- Afrikaanse leeu. F.A.K. volksangbundel, p. 49.
- Algemene kennis. Uit ons prille jeug, p. 46.
- Amakeia. Hg. 13(349): 27 D. 7, 1928. Purper iris, p. 16.
- Anamnesis. Hg. 11 (251): 3 Ja. 14, 1927. Rose van herinnering, p. 95.
- Annie Hugo. F.A.K. volksangbundel, p. 99.
- Arachne, Hg. 11(238): 15 O.8, 1926. Rose van herinnering, p. 25.
- Armoede. Gedigte, p. 114.
- As die blare verkleur. Hg. 9(149): Ja. 16, 1925. Gedigte, p. 104.
- As die Suidoos waai. Hg. 12(305):29 F.3, 1928. Purper iris, p. 87.
- As dit fluit-fluit gaan. Uit ons prille jeug, p. 1.
- As ek nie. Hg. 12(289):29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 101.
- As ek nie. Hg. 12(289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 101.
- As hy kom... Boervrou 7(82): D. 1925. Gedigte, p. 62.
- As Kersfees kom. Hg. 11(251): 3 Ja. 14, 1927. Rose van herinnering, p. 48.
- Baas of Klaas? Purper iris, p.88.
- Ballade van die roos. Gedigte, p. 10.
- Bede. Hg. 10(195): 6D.4, 1925. Gedigte, p. 23.
- Bekende gesig. Rose van herinnering, p. 104.
- Die berge van die Boland. Hg. 8(117): 15 M.30, 1924. Gedigte, p. 77.
- Die Beste. Hg. 11(237); 15 O. 1, 1926. Rose van herinnering, p. 19.
- Bestelling. Uit ons prille jeug, p. 2.
- Biese, biese, bama. Boervrou 6(70) 71 D. 1924. Uit ons prille jeug, p. 8.
- Bioskoop. Hg. 13(359): 17 F. 15, 1929. Purper iris, p. 49.
- Bloedrivier. Hg. 11(260): 7 Mr. 18, 1927. Rose van herinnering, p. 55.
- Blou Maandag. Hg. 11(238): 15 O. 8, 1926. Rose van herinnering, p. 88.
- Boer en Brit. Rose van herinnering, p. 103.
- Borsbeeldjies. Hg. 11(267): 7 M. 6, 1927. Rose van herinnering, p. 102.

Broeders, kom en laat ons singe. F.A.K. Volksangbundel, p. 21.
 Buite hoop. Purper iris, p. 89.
 Burgers, ontwaak vir volk en vaderland. F.A.K. volksangbundel, p. 76.
 By die monument. Boervrou 8(93): 2 N. 1926. Rose van herinnering, p. 46;
 Boerevrou-boek, p. 40.
 Canto Lamentoso in A mol. Hg. 12(275): 7 Jul. 1, 1927. Rose van herinnering,
 p. 92.
 Cigarette. Afrikaanse gedigte, 1876—1906, p. 144.
 Circulus vitiosus. Purper iris, p. 87.
 Dapper en ek. Hg. 12(296): 57 D. 2, 1927. Purper iris, p. 7.
 Diamanda. Hg. 11(260): 7 Mr. 18, 1927. Rose van herinnering, p. 36.
 Diepste smart. Gedigte, p. 170.
 Diran. Gedigte, p. 99.
 Dokter. Gedigte, p. 113.
 Dolce far niente. Hg. 12(280): 7 Ag. 5. 1927. Purper iris, p. 60.
 Donker stroom. Gedigte, p. 29.
 Die donkie. Kerkb. 16(13): 245 Mr. 31, 1926.
 V.stem 12(5115): 7 Ap. 17, 1926. Rose van herinnering, p. 29.
 Dosyn waarhede. Uit ons prille jeug, p. 10.
 Drank. Gedigte, p. 116.
 Drinklied vir die Universiteit van Pretoria. Gedigte, p. 183.
 Duisend-en-een. Hg. 10(202): 33 Ja. 29, 1926. Gedigte, p. 44.
 Die Duisendpoot. Hg. 13 (350): 15 D. 14, 1928. Purper iris, p. 65.
 Dum spero spiro. Hg. 13(362): 17 Mr. 8, 1929. Purper iris, p. 81.
 Ecce homo. Rose van herinnering, p. 32.
 Eerste versoek. Afrikaanse gedigte, 1876—1906, p. 163.
 Nienaber. Digtters, p. 17. Pienaar. Patriot-digtters, p. 179.
 Eheu fugaces. Hg. 8(116); 19 M. 23, 1924. Gedigte, p. 39.
 Die ewige misloper: tien puntdigte. Hg. 9(167): 15 M. 22, 1925. Gedigte, p.
 108.
 Exodus. Gedigte, p. 89.
 Facilisdecensus. Purper iris, p. 89.
 Gaudeamus igitur. Hg. 11(228): 11 Jul. 30, 1926. Rose van herinnering, p. 62.
 Geboorte van die lente. Hg. 9(151): 13 Ja. 30, 1925. Gedigte, p. 15.
 Geen gebod meer. Hg. 12(289): 31 O. 7, 1927. Purper iris, p. 102.
 Geen rosie sonder dorinkie. Boervrou 6(63): 31 M. 1924. Gedigte, p. 239.
 Geen verbod meer. Hg. 12(289): 31 O. 7., 1927. Purper iris, p. 102.
 Geheim. Purper iris, p. 87.
 Geluk! Purper iris, p. 39.
 Genees. Rose van herinnering, p. 96.
 Geneeskundige. Rose van herinnering, p. 102.
 Getuigskrif. Hg. 11(251): 3 Ja. 14, 1927. Rose van herinnering, p. 95.
 Goëie raad. Hg. 11(222): 27 Jun. 18, 1926. Rose van herinnering, p. 100.
 Goue bruilof. Uit ons prille jeug, p. 44.
 Grondmannetjie. Gedigte, p. 130.
 Haec fabella docet. Gedigte, p. 94.
 Hekelpuntjies. Gedigte, p. 116.
 Helde-lid. Uit ons prille jeug, p. 26.
 Die Here sal voorsien. Rose van Herinnering, p. 32.
 Hoëveld. Gedigte, p. 148.

Home sweet home. Gedigte, p. 111.

Hoop. Burger Kersno. 11:55 1925. Gedigte, p. 82.

Humoresk. Hg. 8(115): 7 M. 16, 1924. Gedigte, p. 32.

Huwelikslied. Hg. 13(358): 19 F. 8, 1929. F.A.K. volksangbundel, p. 240.

Il Duce. Hg. 11(257): 27 F. 25, 1927. Rose van herinnering, p. 97.

Il ponte de'Sospiri, Kerkbl. 18(4). 109 Jul. 28, 1926. Rose van herinnering, p. 21.

Impundulu Purper iris, p. 20.

In den beginne. Hg. 11 (24): 31 O. 29, 1926. Rose van herinnering, p. 74.

In die dieretuin, Pretoria. Hg. 12 (299): 13 D. 6, 1927. Purper iris, p. 86.

In die Katkisasie-klas, *dieselfde gedig as*: In die Sondagskool.

In die klooster. Hg. 12(276): 10 Jul. 8, 1927. Rose van herinnering, p. 38.

In die sinagoge. Hg. 12(289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 100. Rose van herinnering, p. 99.

In die Sondagskool. Hg. 12(289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 100. Rose van herinnering, p. 99.

In die Voortrekkerkerkie, Pietermaritzburg. Purper iris, p. 25.

In manus tuas, domine. Kerkb. 22 (7): 240 Ag. 15, 1928. Purper iris, p. 46.

Ja-nee. Rose van herinnering, p. 96.

Jakkals, wolf en die laatslaper. Uit ons prille jeug, p. 48.

'n Jobstrooster. Hg. 12(301): 23 Ja. 6, 1928. Purper iris, p. 82.

Die jong predikant tot die oue. Hg. 12(289): 31 O. 7, 1927. Purper iris, p. 103.

Jonge dame. Rose van herinnering, p. 61.

Die jongste burger. Br. 1(9): 268 O. 1, 1910. Gedigte, p. 57.

Judas. Hg. 10(212): 3 Ap. 9, 1926. Rose van herinnering, p. 27.

Kalwerliefde. Gedigte, p. 161.

Kamp. Gedigte, p. 57.

Kanaän, O Kanaän. Gedigte, p. 90.

Kierang speel. Uit ons prille jeug, p. 20.

Kinderkrans, Purper iris, p. 55.

Kismet. Hg. 11(239): 43 O. 15, 1926. Rose van herinnering, p. 98.

Klein boetie. Gedigte, p. 136.

Klein misverstand. Rose van herinnering, p. 104.

Klein ongeduld. Rose van herinnering, p. 37.

Klein sonneskyn. Rose van herinnering, p. 40.

Klein woelwater. Hg. 12(296): 67 D. 2, 1927. Purper iris, p. 63.

Kleure-klank. Hg. 12(301): 23 Ja. 6, 1928. Purper iris, p. 51.

Kokkewiet. Gedigte, p. 143.

Kuns. Rose van herinnering, p. 101.

Die Kunstenaar. Hg. 11(253): 3 Ja. 28, 1927. Rose van herinnering, p. 87.

Kupido. Hg. 11(239): 27 O. 15, 1926. Rose van herinnering, p. 98.

Laer. Gedigte, p. 58.

La belle dame sans mercé. Hg. 10(216): 11 M. 7, 1926. Rose van herinnering, p. 35.

Laetitia. Hg. 8(117): 27 M. 30, 1924. Gedigte, p. 26.

Land Moria. Rose van herinnering, p. 31.

Land, volk en taal. Gedigte, p. 174.

Landbou. Hg. 13(359): 17 F. 15, 1929. Purper iris, p. 94.

Landskap in olieverf. Hg. 12(289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 99. Rose van herinnering, p. 100.

- Lang geleë in Nazareth. Kerkb. 16(6): 182 F. 10, 1926. Gedigte, p. 154.
- Lauriger Horatius. Hg. 12(301): 23 Ja. 6, 1928. Purper iris, p. 84.
- Leuningstoelkritiek. Purper iris, p. 88.
- L'Ideal. Hg. 12(312): 15 Mr. 23, 1928. Purper iris, p. 21.
- Lewe. Gedigte, p. 120.
- Lied van die Hoër Volksskool, Heidelberg. Hg. 10(196): 11 D. 11, 1925. Gedigte, p. 176.
- Lied van die wonderboom. Boervrou 8(94): 7 D. 1926. Hg. 12 (318): 32—33 M. 4, 1928. Rose van herinnering, p. 45.
- Lied van die ysterperd. Uit ons prille jeug, p. 28.
- Liefde met gevoel. Hg. 14(377): 21 Jun. 21, 1929. Uit ons prille jeug, p. 54.
- Die liefde van die see. Hg. 8(88): 197 Ag. 1923. Gedigte, p. 34.
- Liewe jeug. Gedigte, p. 118.
- Die liewe onskuld. Hg. 12(283): 21, Ag. 26, 1927. Purper iris, p. 57.
- Die lokstem van die Bosveld. Hg. 11(269): 9 M. 20, 1927. Rose van herinnering, p. 59.
- Lotos-land. Gedigte, p. 89.
- Makoemazaan. Gedigte, p. 127.
- Man en vrou. Burger Kersno. 10:21 1924. Gedigte, p. 96.
- Die Marseillaise. Hg. 11(262): 7 Ap. 1, 1927. Rose van herinnering, p. 57.
- Mê! Uit ons prille jeug, p. 24.
- Menschlich, allzu menschlich. Gedigte, p. 109.
- Die Mensvreter. Burger Kersno. 11: 88 1925. Gedigte, p. 132.
- Met 'n mandjie rose vir moeder. Hg. 8(88): 192 Ag. 1923. Gedigte, p. 138.
- Middagslapie. Uit ons prille jeug, p. 6.
- Misère. Gedigte p. 98.
- Die moderne kunsleed. Hg. 12 (289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 98.
- Die moderne kunslied. Hg. 12(289): 29 O. 7, 1927. Purper iris, p. 98.
- Die moeder te (by) Irene. Boervrou 5 (58): 13 Ja. 1924. Gedigte, p. 169.
- Moeder en kind. Uit ons prille jeug, p. 13.
- Moederliefde. Gedigte, p. 18.
- Na die stryd. Hg. 12(299): 7 D. 16 1927. Purper iris, p. 27.
- Nat en Sap. Hg. 11(231): 23 Ag. 20, 1926; Hg. 26 (1027): 75 N. 28, 1941. Rose van herinnering, p. 78.
- Naudé Loquitur. Gedigte, p. 92.
- Nemesis. Hg. 11(237): 15 O. 1, 1926. Rose van herinnering, p. 22.
- Nimmer of nou. Hg. 13(374): 15 M. 31, 1929; Vad 1 (117): 5 Jul. 3, 1929. Purper iris, p. 31.
- Noag se ark. Uit ons prille jeug, p. 38.
- Nuda veritas. Hg. 12(301): 23 Ja. 6, 1928. Purper iris, p. 83.
- O, so? Hg. 13(349): 65 D. 7, 1928. Purper iris, p. 105.
- Offerhande van Isak. Rose van herinnering, p. 31.
- Om baie vinnig te lees. Uit ons prille jeug, p. 32.
- Om die waarheid te sê. Hg. 11(257): 27 F. 25, 1927. Rose van herinnering, p. 95.
- Omdat die dood. Hg. 11(246): 15 D. 3, 1926. Rose van herinnering, p. 12.
- Ondervinding. Gedigte, p. 119.
- Ongelyk. Hg. 11(222): 27 Jun. 18, 1926. Rose van herinnering, p.43.
- Ongeskik vir uitvoer. Hg. 11(251): 3 Ja. 14, 1927. Rose van herinnering, p. 96.
- Die ontwaking. Hg. 11(265): 7 Ap. 22, 1927. Purper iris, p. 98.

Onmoontlike tweeling. Purper iris, p. 98.
 Ons weg deur die lewe. Gedigte, p. 108.
 Ontwaking. Rose van herinnering, p. 53.
 Oom Fanie Brink, die wewenaar. Hg. 14(377): 17 Jun. 21, 1929. Afrikaanse gedigte, 1876—1906, p. 88.
 Oom Lokomotief en tant Treinie. Boervrou 5(54): 50—51 Ag. 1923. Gedigte, p. 146.
